

DIE KOMMISSIE HERVAT OP 17 MEI 1990.

PIETER JOHAN VERSTER, nog steeds onder eed:

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Mnr. Verster was u reeds betrokke by die BSB toe die BSB uit sy voorganger Barnicle geskep is? -- Nee, ek was op daardie stadium was ek 'n stafoffisier gewees by spesiale magte ook.

Met ander woorde u het by die BSB betrokke geraak nadat die struktuur soos hy op daardie stadium bestaan het, gevestig is?

-- Ek is van die begin af by BSB.

(10)

Ek volg. Nou die omskepping van Barnicle in die BSB, is dit 'n besluit wat op die vlak van die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag goedgekeur is? -- Ek weet nie, u sal dit op hoër vlak moet uitvind. Wat ek gedoen het is die normale waarderingsprosedure wat ons gevolg het soos ek giser verduidelik het waarin ons dan 'n aanbieding gedoen het, 'n plan aangebied het en dit het ek dan aan my bevelvoerende generaal op daardie stadium gedoen.

Was dit op daardie stadium generaal Joubert? -- Dit is korrek.

En u het verder getuig dat ongeveer in 1988 die BSB omskep is in 'n siviele struktuur. Is dit reg? -- Hy is nie omskep in 'n siviele struktuur nie, dit was net 'n volgende stadium van ontwikkeling van 'n beplande aksie.

(20)

Toe Streek 6 geskep is was die beplanning om die hele BSB siviël, as 'n burgerlike organisasie in sy huidige vorm te skep reeds opgetrek? -- Ja, dit was 'n finale volgende stadium, dit is korrek.

So met ander woorde die skepping van Streek 6 van die BSB is reeds gedurende 1986 voorsien toe die BSB in die lewe geroep is?

-- Die skepping van Streek 6 het gegaan oor 'n

waardering/..(30)

waardering, wat gegaan het oor 'n geografies indeling in sektore

volgens, gebaseer op die optrede van die vyand. Met ander woorde dit is in die eerste waardering voorsien dat die vyande wat buitekant Suid-Afrika sit, beweeg langs spesifieke roetes om in die PWV-gebied en die Oos-Kaap en so aan veral te kom as gevolg van die groot konsentrasie van die bevolking en was die sektor 6 wat afsonderlik waardeer is, was reeds op daardie stadium voorsien, maar dit is nie geïmplimenteer nie omdat Streek 6 toe nog weens mannekrag probleme, dit wat nie moontlik was om die vyand deur te volg vanaf die buiteland tot in die PWV-gebied nie.

En daardie streek is toe uiteindelik in werking gestel, het operasioneel geword nadat mnr. Staal Burger en die ander drie manne gewerf is. Is dit reg? -- Wat bedoel u by ope-rationeel? (10)

Dat hy begin funksioneer het. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Nou waar is die, waar sou 'n mens die oorspronklike plan, is hy ooit op skrif gestel? -- Die oorspronklike plan?

Ja, van die BSB, die oorspronklike aanbieding aan generaal Joubert. -- Daar was verskeie aanbiedings gedoen. Daar is niks spesifiek wat ek nou kan sê wat nou op skrif is nie. Ek weet nie waar dit is nie. Dit was net 'n aanbieding wat gesê het hoe die stelsel werk.

Die wyse waarop Streek 6 funksioneer is soortgelyk aan die wyse waarop die ander streke funksioneer, nie waar nie? Hy het 'n streekbestuurder, hy het lede, hy het 'n koördineerder. Is dit korrek? -- Ja, daar is 'n verskil tussen 'n wyse en die organisasie. (20)

Verduidelik asseblief?

VOORSITTER: /...

K60.0225

- 1640 -

VERSTER

VOORSITTER: Nee wat die getuie bedoel - u stel hoe die organisatoriese vorm lyk en nie wat die wyse is hoe hulle opereer nie. (30)

MNR. BERTELSMANN: Die organisatoriese vorm van die verskillende streke, is dit dieselfde? -- Dit is min of meer dieselfde, maar weens mannekrag tekort, ek verstaan daar was aan die vorige getuies gestel van mense wat meer as een funksie kon gehad het.

In meer as een streek? -- In meer as een streek.

Goed, so met ander woorde ons het dan die posisie dat die streke, insluitende Streek 6 funksioneer wat hulle organisatoriese struktuur betref op min of meer dieselfde patroon, korrek? -- Dit is korrek.

Nou wat hulle werkswyse as sodanig betref, is dit korrek dat die sterke soortgelyk, op soortgelyke wyse funksioneer, op dieselfde wyse funksioneer, dat waar daar 'n projek is daar eers 'n aanbieding gedoen moet word, 'n voorstudie dat dit voorgelê moet word aan die streekbestuurder, dat die streekbestuurder dit aan u voorlê en u dit aan generaal Webb voorlê? -- Dit is reg, maar daar is verskille. (10)

En waarin sou daardie verskille bestaan? -- Ons het gister gesê dit kan gaan oor tydsverskille of mense wat verwyder is van mekaar of wat oor 'n telefoon of oor 'n radio met mekaar praat.

Maar met die noodsaaklike logistiese aanpassings is die basiese patroon dieselfde? -- Die benadering is dieselfde. (20)

Die benadering is dieselfde en die uiteindelijke doelstelling, naamlik die ontwrigting van die vyand is uit die aard van die saak ook dieselfde. Is dit korrek? -- In die buiteland, ja.

Nou/...

K60.0281

- 1641 -

VERSTER

Nou kom ons kyk na daardie punt mnr. Verster. Projekte wat Streek 6 aangepak het wat implikasies gehad het volgens getuienis wat voor hierdie Kommissie gelei is dat daar geweld teenoor landsburgers gepleeg sou word is projekte in Streek 6 wat ook aan (30)

u en deur u aan generaal Webb voorgelê moes word. Is dit korrek?
-- Nee, ek sal nie graag daardie vraag wil antwoord nie, omdat
dit my moontlik kan inkrimineer.

Goed, ons neem kennis daarvan. Toe die BSB in November 1988
in die volgende stadium van 'n burgerlike vorm vir burgerlike
gedaanteverwisseling gegaan het, is dit korrek dat op daardie
stadium die verbinding wat die BSB gehad het met instansies soos
militêre intelligensie verbreek is? -- Nee, dit is nie korrek nie.

Dit is volgens 'n goue draad, het ek gister verduidelik, gaan
dit deur die bevelvoerende generaal.

(10)
Voor November 1988 kon 'n koördineerder direk met militêre
intelligensie skakel? -- Hy kon met militêre intelli-gensie
geskakel het in terme van die feit dat hy by 'n weermagstruktuur
kon gekom het, naamlik Spesiale Magte, Hoof-kwartier.

En kon 'n streekbestuurder na Spesiale Magte toe gegaan het
en inligting uit Intelligensie te kry? -- Hy kon gesels het daaroor,
ja.

Na November 1988 kon 'n streekbestuurder en 'n koördineerder
daardie funksie nie meer vervul nie. Is dit reg? -- Hy kon dit
vervul deur middel van die kanaal.

(20)
Ja, maar hy kon nie meer direk self gaan nie, korrek? -- Dit
is korrek.

Hy moes deur u gaan. Is dit korrek? -- Dit hoef nie fisies
deur my te wees nie. Ek kan dit reël dat hy by 'n bestaande
fasiliteit van ons met iemand praat of dit aanbied

aan/...

K60.0364

- 1642 -

VERSTER

aan ons bevelvoerende generaal of sy verteenwoordiger en
daar-vandaan word dit dan verder gevoer.

(30)
Maar die punt waarop dit neerkom is dat kontakte wat die
streekbestuurder of koördineerder voor Novemer 1988 direk met

Spesiale Magte se inligting gehad het is verbreek, hy moes daarna deur u of generaal Webb werk. Is dit reg? -- Ja, dit is.

Met ander woorde die direkte skakel tussen Spesmagte Intelligensie of Militêre Intelligensie en streekbestuurders en koördineerders is verbreek. Is dit reg? -- Dit is reg.

En nie net mnr. Verster het dit tot gevolg gehad dat streekbestuurders nie meer direk met daardie Intelligensie in aanraking kan kom nie, maar ook dat Spesmagte se Intelligensie of Militêre Intelligensie nie meer in aanraking met streek-bestuurders of koördineerders was nie. Is dit korrek? (10)
Is dit reg? -- Nee, ek dink hulle was, dit is net nie direk nie. Hulle was in aanraking.

Ja, maar die punt is die kommunikasiekanaal tussen die inligtings "establishment" en Spesiale Magte of Militêre Intelligensie en die BSB is vernou. Is dit reg? -- Hy is ge-rasionaliseer.

Ja, hy is verminder tot 'n goue draad? -- Nee, hy is nie verminder nie, hy is gerasionaliseer, hy is verander.

Kom ons stel dit vir u so, die profiel, die hoë profiel of die hoogte van die profiel wat BSB by Spesiale Magte se in-ligtingsafdeling gehad het is verlaag. Korrek? -- Nee, dit (20)
is u praat nou in terme van inligting en u praat van 'n profiel en eintlik praat u van twee verskillende dinge. As u praat, as u sê dat die sekerheid van BSB so verander dat daar nie meer oor hom gepraat is nie, dan is u korrek, maar as u praat
van/...

K60.0445

- 1643 -

VERSTER

van profiel in terme van inligting dat hy dit nie sou kry nie, dan is u verkeerd.

VOORSITTER: Ek dink wat - u weet u praat nou sulke vae terme (30)
wat miskien vir u sin maak, maar wat vir my niks beteken nie.

Die indruk wat ek tot dusver het is dat in November 1988 het BSB 'n gedaanteverwisseling ondergaan. -- Dit is korrek.

En die doel van die gedaanteverwisseling was om enige sigbare verbintenis met die weermag te laat verdwyn. -- Dit is korrek.

Dit sou dan ook natuurlik, sou ek dink, behels dat enige sigbare verbintenis tussen BSB en enige Intelligensiediens in die proses ook moes verdwyn. -- Dit is gedeeltelik waar in dié sin dat van die stigting van BSB af in 1986 was die sigbaarheid alreeds so. Dit was dieselfde benadering wat gevolg was.

Ja, met ander woorde u het nie direkte verbindingskanale tot die inligtingstelsel nie? -- Ons het dit in terme van fasiliteite gebou hanteer, dat enige lid van ons kan nie by enige installasie van die weermag instap nie. (10)

Dit is reg. -- Dit is alreeds gekanaliseer.

Met ander woorde maar as u 'n stukkie inligting nodig het of een van u lede, maar wat u sou doen, aanvaar ek is, u sou na generaal Webb toe gaan wat 'n persoon is wat in twee hoe-danighede in die weermag was. Eerstens as hoof van BSB en tweedens as 'n generaal op die Generalestaf? -- Dit is korrek.

En dan sou hy argumentsonthalwe nou in sy hoedanigheid as generaal gaan vasstel by Militêre Intelligensie of inligting by hulle bekom of inligting aan hulle oordra sonder om te sê dit is vir u bedoel of nie vir u bedoel nie? -- Dit is reg, of die generaal kon dit gedelegeer het aan 'n Inligtingstaf (20)

offisier/...

K60.0515

- 1644 -

VERSTER

offisier.

Ja, maar ek bedoel dit is hoe ek dit verstaan het. Met ander woorde mnr. Burger kan nie eenvoudig na Militêre Intelligensie toe gaan en aan die deur klop en sê ek wil met julle praat en ek wil inligting by julle hê nie. -- Dit is heeltemal reg. (30)

Want dan is die hele doel van die privatisering, om dit so uit te druk, vernietig? -- Dit is korrek.

Ek weet nie of dit is wat u persepsie was nie, maar ons het 'n bietjie gesukkel om daarby uit te kom.

MNR. BERTELSMANN: Dankie mnr. die Voorsitter, maar u sien die omgekeerde mnr. Verster het dan ook plaasgevind, want soos wat generaal Webb volgens u getuienis, as hy nou met Militêre Intelligensie skakel en inligting inwin, maak hy nie melding van BSB nie, nie waar nie? -- Dit moet u vir hom vra.

VOORSITTER: Maar u aanvaar dit, ek bedoel ...? -- Ja.

(10)

MNR. BERTELSMANN: Ja, wel u het dit nou net bevestig teenoor die Voorsitter. Met ander woorde, Militêre Intelligensie praat op sy beurt ook nie teenoor generaal Webb van BSB nie? -- Dit mag so wees.

En Militêre Intelligensie het al hoe minder kontak, al hoe minder kennis van BSB, korrek?

VOORSITTER: Kom ons stel dit so: Was dit 'n doelstelling dat Militêre Intelligensie min van u moes geweet het of niks van u moes geweet het nie? -- Ons sou dit so verkies in terme van 'n sekerheidsplan.

(20)

MNR. BERTELSMANN: Op dieselfde verlenging, naamlik om afstand tussen u en Militêre Intelligensie of dan die weermag as sodanig te skep, te plaas, is dit reg dat die BSB sedert November 1988 sy eie bronne ten opsigte van wapentuig geskep

het/...

K60.0586

- 1645 -

VERSTER

het. Is dit reg? -- Nee, ons het nie bronne ten opsigte van enige wapentuig geskep nie. Wat ons gedoen het is in 'n spesifieke projek. As ek 'n voorbeeld kan noem: As ons wil

(30)

verhoed dat Swapo in Suidwes wapens gebruik ter intimidasie van die verkiesing dan het ons 'n projek van stapel gestuur om wapens

by hulle te kry en dit weg te neem of te koop by hulle sodat hulle dit nie kan gebruik nie en op ons beurt het ons daarmee gemaak wat ons wil of dieselfde kon gebeur het in enige ander land, soos Mosambiek. So as dit 'n projek is en dit was nie 'n spesifieke doel nie en binne die projek het ons enigiets wat tot voordeel van die staat is het ons gehanteer.

Die punt wat belangrik is, is die BSB kon en het sy eie wapens aangeskaf? -- Ja, dit moet so wees, u is in die privaat sektor.

En u het dit nie by die weermag gekry nie? -- Ons het wapens ook by die weermag gekry.

Ja, maar u kon en het wapens buitekant die weermag gekry? (10)
-- Dit is korrek.

En dit is ook so dat benewens weermagfondse die BSB ook projekte van stapel gestuur het waardeur hy fondse verdien het vir homself. Is dit reg? -- Hy het fondse slegs verdien om 'n projek te onderhou.

Ja-nee, maar daar is projekte wat wins maak nie waar nie? -- Dit is korrek, volgens die finansiële plan.

En die BSB het uit die aard van die saak en as gevolg van sy werksaamhede fondse nie net in Suid-Afrikaanse bankrekenings nie, nie waar nie? -- Dit is korrek. (20)

Het die BSB enige register aangehou van wapens wat hy aangeskaf het in die buiteland? -- Dit hang af van die projek.

Omdat dit so afsonderlik hanteer word kan daar op 'n projeklêer/...

K60.0668

- 1646 -

VERSTER

projeklêer 'n aanduiding wees. Daar kan nie fondse aangekoop word as daar nie geskryf staan ... (tussenbei)

Maar u het geen sentrale register van wapentuig waaroor die BSB beskik nie? -- Nee, dit strook nie met die sekerheids-beleid nie. Dit word onafhanklik in selstrukture hanteer. (30)

Met ander woorde die BSB beskik oor wapentuig wat nie ge-registreer is nie, korrek né?

VOORSITTER: Elke sel sou dan hê wat hy kry onder 'n projek as hy 'n projek het? -- Daar bestaan nie wapens van die struktuur binnelands wat ongeregistreer is nie.

MNR. BERTELSMANN: Is dit u getuienis dat Makarov-pistole, Tokarev-pistole wat in Mosambiek of by Swapo aangekoop is nie geregistreer is nie? -- Nee, ek het dit nie gesê nie. Ekskuus mnr. die Voorsitter, ek wil net op hierdie stadium sê dat dit nou, dat dit vir my baie duidelik is dat mnr. Bertels-mann gesels in (10) terme van Botes se verklaring en die rigting is vir my baie duidelik en ek wil dit vir u pertinent stel dat mnr. Botes was betrokke gewees by die verkryging van wapens om aangewend te word in ander buitelandse projekte vanaf die een land deur Suid-Afrika op die slegste in transit om na ander lande toe aangewend te word.

MNR. BERTELSMANN: Wat die doel van die vrae is moet u maar aan my oorlaat. Ons sit dan in die volgende posisie dat die verskillende selle van die BSB, die verskillende, kom op streekvlak bymekaar. Die verskillende streke rapporteer aan u. Is dit reg? -- Dit is korrek.

En u is die enigste kanaal waardeur die BSB met die Suid-Afrikaanse Weermag in verbinding is, is dit reg? -- Dit is korrek. (20)

En die enigste ander persoon in daardie kanaal is in die eerste/...

K60.0752 - 1647 - VERSTER
eerste instansie generaal Webb. Is dit korrek? -- Of sy ver-teenwoordigers.

Of sy verteenwoordigers. Nou in Desembermaand, op 20 Desember 1989 is opdrag gegee dat die BSB intern deur die weermag (30) ondersoek moet word. Is dit korrek? -- Die datum sal ek nie presies

weet nie.

Ja, klink dit vir u min of meer reg? -- Ja, dit kan min of meer korrek wees.

En op 3 Januarie 1990 is u saam met generaal Webb na Kaapstad ontbied. Is dit reg? -- Dit is reg.

U is daar versoek om aan generaal Badenhorst te verduidelik wat presies die BSB doen en gedoen het. Is dit korrek? -- Dit is nie korrek nie.

Wat is u versoek om te verduidelik? -- Daar was suiwer in daardie stadium riglyne gegee ten opsigte van samewerking aan die (10) ondersoek rondom dit wat toe alreeds in die koerante verskyn het.

En dit is aan u oorgedra deur generaal Badenhorst dat die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag persoonlik bevel gegee het dat u u samewerking aan die ondersoek wat deur generaal Badenhorst gedoen is moet verleen. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Van 6 tot 9 Januarie vanjaar het generaal Badenhorst-hulle hulle ondersoek deur verskillende stadiums gevoer. Is dit reg? -- Dit is korrek.

En op 19 Januarie vanjaar is daar gelas dat 'n grootskaalse deurtastende interne ondersoek deur die Suid-Afrikaanse Weermag (20) na die bedrywighede, die funksie, die struktuur, die befondsing van die BSB uitgevoer moet word. Is dit reg? -- Verwys u na generaal Kloppers se ondersoek?

Ja/...

K60.0829

- 1648 -

VERSTER

Ja, is dit reg? -- Dit is reg.

En dit was 'n opdrag wat weer eens deur die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag gegee is, korrek? -- Dit is korrek.

Trouens die opdrag het van verder bo gekom en via die Minister van Verdediging direk van die Staatpresident af gekom. Is dit (30) korrek? -- Nee, ek aanvaar dit so, maar dit is nie vir my so ...

(tussenbei)

U aanvaar dit, goed. Nou het u aan die begin van Januarie aan generaal Badenhorst insae in lêers gegee? -- Nee, ek het dit nie gedoen nie.

En nadat nou op 19 Januarie die bevel gekom het dat daar 'n deurtastende ondersoek intern deur die weermag na die BSB gedoen sou word het u die noodplan in werking gestel nie waar nie? -- In daardie tydperk.

Presies, met ander woorde u reaksie op die bevel van die Staatspresident, die Minister van Verdediging en die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag om 'n volledige ondersoek na die BSB te doen was om die lêers van die BSB weg te steek? -- Dit is nie waar nie. (10)

VOORSITTER: Om die noodplan in werking te stel? -- Die noodplan in werking, maar nie vir die redes wat u sê nie.

MNR. BERTELSMANN: En die noodwendige eerste gevolg van daardie noodplan, was dat die lêers ontoeganklik geword het? -- Nee, generaal Klopper was byvoorbeeld direk by my in die kantoor gewees en daar is nooit gepraat oor lêers nie. Daar is nooit

(tussenbei)

VOORSITTER: Nee, maar die punt, dit is nie waarom dit gaan nie. (20)

Die punt is toe daar 'n opdrag kom dat daar 'n deur-tastende interne ondersoek is, toe tree die noodplan in werking. Met ander woorde die nood is nie soos u gister te

kenne/...

K60.0901

- 1649 -

VERSTER

kenne gegee het veroorsaak deur politieke onstabiliteit of wat ookal nie, maar die nood is veroorsaak deur die opdrag van 'n interne ondersoek? -- Nee, dit is nie waar nie. Ons het, ek het gister gesê dit was in ongeveer middel Januarie, êrens in een van my verklarings dink ek, het ek ook gesê dat ons reeds in die aanloop (30)

van verlede jaar af, ons praat nou van die tydperk van Augustus, September, Oktober, het ons toe Calla Botha in die koerante verskyn het, was dit vir ons 'n aandui-ding dat daar 'n vingerwysing na ons mense sal kom. Hierdie was 'n aanloop wat lankal beplan is soos ek dit genoem het wat dan oor die Desember tydperk, daar was geen verband in elk geval nie, tussen die opdrag wat ons gekry het en wat ons betref is dit 'n normale proses wat ons deurgegaan het toe ons sien dat ons besig is om mense se identiteite, families wat bedreig word, daar is van die mense wat van daardie tydperk af tot nou toe, wat nog nooit by hulle huise geslaap het nie. (10)

Ons het op die oomblik gevalle waar vrouens met klein kinder-tjies na hulle mans toe gaan om die kinders aan hulle voor te stel en in die aande of die dae daarna dan weer weg te kom, so dit was 'n hele onseker situasie wat 'n aanloop gehad het, wat begin het by Barnard se inhegtenisname, wat gevolg het na Botha se inhegtenisname en ek sou graag die Kommissie daarop wil wys waarvan die, die vonk was die optrede van Coetzee gewees en Coetzee was op die voorblaaie van die koerante gewees op 'n dag wat Coetzee, soos ek dit vertolk het, uit die milieu waarin ek lewe, afgeskryf was van die voorblad en BSB opgeskryf was op die voorblad en dit (20)

het gelei tot die - stap-vir-stap.

Nee, maar wat u netnou gesê het as ek u reg verstaan het, ek dink u het bevestigend geantwoord dat toe die opdrag

ontvang/...

K60.0990

- 1650 -

VERSTER

ontvang is het die noodplan in werking getree.-- Nee ek sal graag, as ek dit so gesê het wil ek net bevestig dat daar geen verband is tussen die twee nie.

Maar die feit is tog ... ? -- Die tyd is min of meer ... (30)

(tussenbei)

Maar die feit is tog dat in begin Januarie was dit op die

kaarte gewees dat daar 'n ondersoek gaan kom, daar was toe al 'n gedeeltelike ondersoek na BSB intern, nie so nie? -- Dit is korrek, maar lêers ... (tussenbei)

En toe tree die noodplan toevallig toe in werking. -- Soos ek sê ons beskou dit as 'n progressiewe stap. Daar was in die tye wat ek vir generaal Badenhorst gesien het en generaal Klopper was daar nooit verwys na 'n lêer nie.

Maar u het tog geweet een of ander tyd gaan dit daarby uitkom. -- Ons is bekommerd dat dit kon ... (tussenbei)

Ja, maar toe, u was bang dat Militêre Intelligensie u lêers sien? -- Ons was bang dat mense se identiteite gaan die persoonlike veiligheidsituasie ... (tussenbei) (10)

Met ander woorde u het nie vir Militêre Intelligensie met u lêers vertrou nie. Is dit reg? -- In terme van - dit is nie dat ons hulle nie vertrou nie - dit is in terme van veiligheid wou ons nie mense ontbloom het nie.

Met ander woorde Militêre Intelligensie kon nie met die lêers vertrou word nie, want hulle kan u mense ontbloom? -- Hulle kon dit, daar was vir my 'n media ontbloting en ons was bekommerd ... (tussenbei)

Nee, maar die ontbloting is deur Militêre Intelligensie. Hy gaan die ondersoek instel en hy gaan dit ook vir die media gee. -- Ja, maar dit was ons bekommernis. In die sin wat u dit sê is dit so dat ons was teenoor enigiemand versigtig wat mense/... (20)

K60.1058

- 1651 -

VERSTER

mense en families kan ontbloom.

Ja, ek glo u het my ook nie vertrou nie, nie waar nie? Ek bedoel dit was u eerste reaksie gewees. Toe ons gevra het vir die dokumente toe was u eerste reaksie nie gewees daar is 'n noodplan in werking nie. U eerste reaksie was gewees daar is 'n (30)

Wet op Beveiliging van Inligting en toe kom u toe ek nou gevra het nou hoekom kan die nodige toestemming nie verkry word nie van hoër gesag nie, het daar nie 'n antwoord gekom op daardie vraag nie. Daar is nooit vir my gesê daar is 'n noodplan in werking nie. -- Ek het gister probeer verduidelik wat ons bekommernisse was.

Nee, maar ek toets net die korrektheid daarvan. Ek bedoel vir my is nie gesê dat daar is 'n noodplan in werking nie. Vir my is gesê nee, daar is 'n wet op amptelike geheim-houding of Wet op Beveiliging van Inligting, hoe kan hulle dit vir my wys. Is dit nie so nie? -- Dit was in die tydperk seker voor die Kommissie aangestel is. (10)

Nee, ek het met niemand gepraat voor die Kommissie aangestel is nie, hoe sou ek kon gepraat het. Dit is na die Kommissie aangestel is toe u onder dagvaarding was om die dokumente te bring en is dit nie so dat nadat u vrygelaat is het u 'n gesprek gehad met generaal Geldenhuys oor die dokumentasie. Is dit nie so nie en het u toe vir hom gesê die goed is weg vanweë die inwerkingstelling van die noodplan? -- Ek het nie miskien in daardie terme nie, maar ons het gesê ons sal ... (tussenbei) (20)

U het vir hom gesê u gaan nie die dokumente kry nie. Is dit nie so nie? -- As gevolg van die probleem, ja.

Maar u het nie vir hom gesê daar is 'n noodplan in werking nie dit is hoekom u dit nie kan kry nie? -- Dit was

'n/...

K60.1124

- 1652 -

VERSTER

'n natuurlike proses.

Nee maar u het dan gister gesê u wil graag die dokumente nog altyd vir die Kommissie gegee het. Dan verstaan ek nie nou wat u vir my sê nie. -- In daardie stadium was ons baie bekommerd gewees. (30)

U is nog steeds bekommerd? -- Dit is korrek.

Met ander woorde u stelling gister dat u graag die dokumente by die Kommissie wil hê kan nie reg wees nie? -- Nee, ek sal graag wil sê dat soos ek dit gister gesien het dat ons wel die dokumente, dat ek die omvang nou van die dokumente, van watter belang dit is vir die Kommissie het ek besef dat dit miskien ons onskuld beter kan bewys, maar daar het 'n punt gekom waarin ek nie beheer daaroor het nie.

MNR. BERTELSMANN: So die antwoord is eintlik baie eenvoudig: Toe u besef daar kom 'n interne ondersoek op las van die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag het u stappe gedoen om die uitvoering van daardie bevel te saboteer? -- Nee, dit is nie waar nie. (10)

En u het baie goed geweet dat die inwerkingstelling van die sogenaamde noodplan die uitvoering van die bevel onmoontlik sou maak.

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter, mag ek miskien hier tussenbeide kom. Ons het die getuienis van generaal Klopper gehoor en as ek net vir u mag lees wat sy getuienis was op bladsy 64 van die oorkonde, hy sê:

"Ek is op 19 Januarie 1990 deur die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag aangestel om ondersoek in te stel hoe Spesiale Magte se frontorganisasies, BSB georganiseer, beman, bestuur en bedryf word." (20)

En dan het hy gesê sy opdrag is Aanhangsel "A". Ek het
ongelukkig/...

K60.1202

- 1653 -

VERSTER

ongelukkig nie 'n afskrif daarvan nou beskikbaar nie. Hy het met ander woorde ondersoek ingestel hoe die struktuur bestaan en bedryf word. Hy het ook nooit getuig dat hy gevra het vir lêers, dat hy moes kyk na projeklêers en dat dit geweier is nie. (30)

VOORSITTER: Nee, ek weet maar wat die getuie vroeër gesê het is dat en dit het hy vanoggend gesê, dat toe hierdie opdrag van

die ondersoek gekom het, toe het die noodplan in werking getree.

Ek meen enige mens kan seker afleidings daarvan maak al is die lêers nie gevra nie en dit het toe daarop gedui dat iewers gaan iets gebeur. Ek dink dit is maar net 'n blote afleiding.

MNR. HATTINGH: Ek wil dit net graag in daardie perspektief stel.

MNR. BERTELSMANN: Wel kom ons voltooi die perspektief wat my geleerde vriend wil stel, wat het generaal Klopper vir u getuig:

"Rapportering moet onder andere ten opsigte van die onderstaande spesifieke aspekte gemaak word: Doel, orga-nisasie, werkswyse, opdraggewing, (10) goedkeuringsprosedure, personeelbeleid, finansiële beleid, logistieke beleid, sekerheid en dan gaan dit oor die projekbestuur."

VOORSITTER: Ja, ek dink wat hy, uit sy algemene gedrag dink ek het hy nooit gepoog om na projekte self te kyk nie, want ek dink ook hy sê dat hy nooit vir 'n enkele lêer gevra het nie.

MNR. BERTELSMANN: Dit mag so wees, met respek.

VOORSITTER: Ja, u weet ek het - daar was 'n probleem destyds by my gewees oor of hy sy opdrag reg interpreteer het of nie en of hy dit te eng interpreteer, waarvan u my ook van be-skuldig, maar (20) dit is maar op daardie vlak.

MNR. BERTELSMANN:/...

K60.1271

- 1654 -

VERSTER

MNR. BERTELSMANN: Maar die woord "beskuldig" is miskien 'n bietjie sterk, met respek, maar sal ek voortgaan, mnr. die Voorsitter?

VOORSITTER: Ja, gaan voort met u vrae asseblief.

MNR. BERTELSMANN: U het geweet mnr. Verster dat generaal Klopper se magtiging ingesluit het en behels het die volgende soos hy getuig:

"Vir doeleindes van die projekspan se opdrag word alle (30) militêre personeel en ander persone in diens van die

Suid-Afrikaanse Weermag aan die projeklêer getoon mag word hiermee beveel om ondanks enige andersluidende ordes of instruksies alle hulp en samewerking en informasie wat die projekspan mag benodig om sy opdrag uit te voer aan die projekspan te verleen."

Korrek? -- Dit is korrek.

Goed, die eerste ding wat u doen toe u van die plan bewus word is om die bronne van die inligting weg te steek? -- Dit is nie waar nie, dit ... (tussenbei)

Dit is presies wat u gedoen het? -- Dit is nie presies wat ek gedoen het nie. Ek het vir u gesê dat die omstandig-hede is dat generaal Klopper het geensins in lêers belang gestel nie. Hy het in my kantoor gesit, hy het langs die kluis gesit en hy het nooit ooit oor 'n lêer gepraat nie. In daardie tydperk, ek kan nie eers die datum spesifiek koppel nie, in daardie tydperk kon dit wees dat die lêers alreeds nie beskikbaar was of van hulle alreeds nie beskikbaar was nie of van die binnelandse lêers kon miskien al toe weg gewees het ... (tussenbei)

Is u getuienis dat generaal Klopper ooit vir u gesê het ek gaan nie na jou lêers kyk nie? -- Nee, dit is nie my getuienis/... (20)

K60.1335

- 1655 -

VERSTER

getuienis nie, want dit was nie ter sprake gewees nie.

Met ander woorde die moontlikheid dat hy 'n lêer sou ter insae wou gehad het, het enige oomblik bestaan, nie waar nie? -- Indien u so dink.

VOORSITTER: Sê vir my wanneer het u besef dat die noodplan uitgevoer is?-- Uitgevoer is?

Ja. -- Ek sou sê dat - omdat dit 'n aanloop gehad het van vroeg, die einde van verlede jaar, was ons probleem dus dat daar optrede van individue begin gebeur het. Daar kon selfs byvoorbeeld (30)

as 'n koördineerder 'n lêer getrek het volgens die konvensionele beleid het hy dalk reeds beheer oor die lêer gehou gedurende Desember of in Januarie, maar my gevoel sou ek sê was in die finale stadium nadat ek uit aanhouding gekom het, waar ek gevoel het dat die noodplan is uitgevoer, want die mense hou die lêers van my af weg en dat ek nie dieselfde mate van beheer daaroor het nie.

Ek wil dus, waar ek vir u gesê het dat 'n lêer mag vir een nag, of ek dink dit was in mnr. Cilliers se verklaring dat 'n lêer mag vir een nag slaap op 'n punt en kon mense wat onseker gevoel het alreeds die lêer op daardie stadium gevat het en hom op 'n manier weggehou het. (10)

Nee, maar die punt is die volgende dat mnr. Cilliers sê dat middel Januarie het hy opdrag gekry om al die lêers in te vorder en hy het daardie opdrag uitgevoer. -- Maar die daag-likse werking in terme van die bedryf van die struktuur het nog voortgegaan.

Dit het beteken in individue se besit kon nog lêers gewees het.

Nee, maar ek bedoel mnr. Brits het duidelik gesê en dit is bevestig dink ek, deur Braam, dat vir die mense gesê is die lêers is net nie meer beskikbaar nie. -- Ek dink van hulle kon

'n/... (20)

K60.1427

- 1656 -

VERSTER

'n fout gemaak het. Mnr. Brits kan net oor sy spesifieke afdeling ... (tussenbei)

Ja, maar ek bedoel as hy nou gesê het die lêers is nie meer beskikbaar nie en die noodplan is in werking? -- Ek dink aan brandstofeise ... (tussenbei)

Maar daardie lêers is nie lêers wat weggeraak het nie. -- Nee, maar ek dink dit as byvoorbeeld. Daardie tipe lêer of 'n spesifieke projek wat 'n probleem het ... (tussenbei)

(30)

Ons praat van projeklêers. U weet van geen projeklêers wat hanteer is sedert Januarie nie? -- Wel, ek praat nou op my gevoel.

Ek sien nie fisies self al die lêers nie, veral in hierdie tyd het ons meer rondom die Kommissie voorberei.

Ek het nou 'n ander probleem en dit is die volgende: U het vir Braam opdrag gegee om die kluis by Spesmagte te gaan oopsluit.

Kan u onthou? -- Ja, dit is reg.

En toe gaan hy daar na die punt waar die sleutel geplaas is en hy kry toe die sleutel daar en hy kry die kode van die slot daar. Nou iemand moes dit in u opdrag daar geplaas het, want toevallig was die kombinasie ook nou beskikbaar langs die sleutel.

Nou vir wie het u opdrag gegee om die kombinasie en die sleutel daar te plaas? -- Dit moes gebeur het sonder my toedoen. Ek was nie by gewees nie. Ek weet nie, ek het nie ... (tussenbei) (10)

Maar u sê vir Braam gaan sluit oop. Al wat hy weet is waar die sleutel moet wees. Hy sê u het die kombinasie gehad en hy sê daar het gelê die sleutel en die kombinasie? -- Ek het nog nooit die kombinasie van enige kluis gehad het nie.

Maar dan moes u vir iemand gesê het om die kombinasie en die sleutel daar te plaas? -- Nee, ek dink dit kon 'n fout gewees het in mnr. Cilliers se verklaring. Mnr. Cilliers, as

ek/...
(20)

K60.1505

- 1657 -

VERSTER

ek reg onthou het getuig dat hy die sleutel gekry het vanaf mev. Viljoen en miskien is dit 'n fout wat hy gemaak het onder druk toe hy gesels het, dat hy self daarby betrokke was.

Sê u hy het ook nie die sleutel by mev. Viljoen gekry nie? -- Ekskuus?

Wil u ook sê hy het nie die sleutel by mev. Viljoen gekry nie? -- Nee, ek dink dit kan so wees, maar ek sê hy was self verantwoordelik vir die plasing van die sleutel moontlik. Ek was as gevolg van ons wat bang was vir optrede teen ons deur die polisie, as gevolg van al die dinge wat ons gister genoem het, het ons en (30)

ek self, die bestuur weggebly. Ons hele roetine het verander.

Ons het nie by gewone kantore gekom nie, so ek gesels ook nou maar soos ek dit sien. Daar was nie fisiese teenwoordigheid by die punte nie.

Nee, maar dit is nie so maklik nie. Braam sê hy het opdrag by u gekry om die sleutel by mev. Viljoen te neem en op 'n sekere plek te plaas. Ek dink u het dit bevestig? -- Dit is korrek.

Fyn, Braam sê hy het in opdrag van u het hy die sleutel gaan haal en die kombinasie om die kluis oop te sluit. -- Dit is korrek.

So u moes geweet het dat die sleutel en die kombinasie op daardie plek is en as u geweet het hy is daar, dan moes u of self (10) persoonlik die inligting gekry het of by iemand anders gekry het.

Nou vra ek vir u, u ontken self dat u die inligting gehad het en nou sê ek by wie het u die inligting gekry? -- Nee, ek is van mening dat nadat ek gesê het hulle moet die noodplan in werking stel, dat mnr. Cilliers self die punt kon gekies het, dat hy die kombinasie moontlik self van mev. Viljoen af gekry het plus die sleutels.

Maar/...

K60.1575

- 1658 -

(20)

VERSTER

Maar al daardie moontlikhede sê hy is nie waar nie? -- Dit is hoe ek dit sien mnr. die Voorsitter.

MNR. BERTELSMANN: So u ontken nie of ontken u dit dat u vir Braam gesê het om die sleutel daar te kry? -- Ek kan nie nou vir u sê of ek presies gesê het hy moet die sleutel daar kry nie. Ek het gesê die noodplan moet in werking gestel word en die sleutel het miskien nie permanent daar gelê nie, miskien het hy gereël met iemand anders dat dit die punt is waar die sleutel moet wees en hy het hom ... (tussenbei)

(30)

VOORSITTER: Maar u sê nou u het vir hom gesê om die noodplan in werking te stel. Gister het u nie onthou vir wie u gesê het om

die noodplan in werking te stel.-- Nee, ek het my ver-spreek.
Dit bly so dat ek het oor die telefoon met iemand gepraat oor die
noodplan, dat ek nie een van die 20, 30 mense kan onthou nie, maar
in terme van mnr. Cilliers, wat ek wou sê is dat hy die sleutel
moet vat en gaan oopsluit ter wille van die ondersoek.

MNR. BERTELSMANN: Nou wat noem 'n mens die persoon wat in die
militêre opset weier om 'n bevel uit te voer? -- Ongehoorsaam,
miskien.

'n Muiter? -- As u so dink.

'n Muiter? -- Nee.

(10)

'n Saboteur? -- Nee.

Wat noem 'n mens 'n persoon wat in die militêre opset waarin
u staan 'n wettige bevel dwarsboom? -- Sê u dat ek dit gedoen het?

U sê dit self. -- Nee, ek sê dit nie self nie. Ek sê, sê
u dat ek dit gedoen het?

Verseker, dit is u getuienis? -- Dit is nie waar nie, dit
is nie waar nie.

U/...

K60.1655

- 1659 -

VERSTER

(20)

U het en dit blyk uit u getuienis baie duidelik, willens en
wetens toegesien dat die opdrag wat van die hoogste vlak na u toe
gekom het, nie uitgevoer kon word nie? -- Daar was geen lêers ter
sprake ten tye van dit wat u nou sê toe dit gebeur ... (tussenbei)

Is u getuienis nou dat toe u gehoor het dat die ondersoek
deur die Staatspresident gelas het, u gedink het die lêers is nie
ter sake nie? U antwoord nie mnr. Verster, u bly ons 'n antwoord
skuldig?

MNR. HATTINGH: Kan my geleerde vriend die getuie geleentheid gee.

Hy het tog seker die reg om te dink oor 'n vraag mnr. die
Voorsitter.

(30)

VOORSITTER: Nou goed, sê u dat, het u gedink dat die lêers

ontersaaklik gaan wees by 'n interne ondersoek na BSB? -- Daar was, ek was genader deur generaal Badenhorst en sy komitee en ek was genader later deur generaal Klopper en ons, in daardie tydperk omdat ons in 'n sensitiewe milieu lewe en ons gewerk het volgens 'n goedgekeurde sekerheidsplan, was dit nie beleid of prosedure dat een persoon, selfs binne die staatsbestel of 'n ander persoon se lêers kyk nie. Ek dink generaal Badenhorst het getuig dat hy dit ook nie gedoen het nie. Met die gevolg is dat ons het suiwer volgens die beleid opgetree dat ons beskerming waarin ons 'n afsonderlike registrasie vir ons lêers gehad het, sou optree. (10) Dinge was vir my gevra en mense is ingeroep as getuies en daarvolgens het ons opgetree.

Ek dink gaan maar voort op iets anders mnr. Bertelsmann.
MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag. Nou wat bedoel u as u die woord "kontamineer" gebruik? -- Kontamineer soos ek dit gister gebruik het beteken dat ek wat aanvanklik as 'n betaalde agent van die staat gefunksioneer het, het ek 'n probleem/...

K60.1762 - 1660 - VERSTER
(20)
probleem opgetel dat die staat dit anders vertolk het en het mense gevoel dat ek hulle veiligheid bedreig het omdat ek aangehou was.

Nou wat is die "kontaminasie"? Is die kontaminasie daarin geleë dat die staat met u 'n probleem gekry het of is die kontaminasie daarin geleë dat die BSB-lede die mening toegedaan is dat u identiteit te bekend geword het? -- Dit kan oor my identiteit gegaan het. Dit kan daarvoor gaan dat my mense gedink het dat ek word vertrou deur die staat en toe word ek toegesluit en toe is ek nie meer vertrou deur die staat nie. Die mense het versigtig geraak. Dit kan enige, elke persoon het sy eie standpunt. (30)

So met ander woorde as u sê, as u die woord kontaminasie

gebruik dan gee u daarmee te kenne dat die lede van die BSB vertrouwe in u verloor het. Is dit reg? -- Nee, dit gaan suiwer in terme van die - in terme van die probleem wat ons gister aangespreek het.

VOORSITTER: Ja, maar u sê nie u is gekontamineer nie, u sê u is gekontamineer. Nou wil die advokaat weet waarmee is u gekontamineer? -- Ek is gekontamineer deur, met die feit dat my identiteit geopenbaar is en dat ek toegesluit was en dat ons nie meer los van die staat kon funksioneer via 'n goue draad nie en in die media veral, dit is ander mense. As 'n persoon met my praat en hy sê hy wil my op 'n plek ontmoet en die mense kon vir my identifiseer, dan kon ek vir hom 'n probleem veroorsaak dat hy ook in die media ontbloot word. (10)

MNR. BERTELSMANN: So met ander woorde wat u sê is, u konta-minasie bestaan daarin dat u geblaas is, om nou maar dié term te gebruik?-- Ja, op sekere vlakke, nie orals nie.

Is u net op sekere vlakke in die BSB gekontamineer of is u/...

K60.1861 - 1661 - VERSTER (20)
u op alle vlakke in die BSB gekontamineer? -- Nee, ek is nie noodwendig gekontamineer binne 'n projek waar 'n onbewustelike lid is en waar hy nie weet dat hy betrokke is by die BSB nie.

Dit is mos nou opsigtelik duidelik, ons praat van die BSB-lede wat van u weet. -- Dit wees dat ek by almal gekontamineer is.

Dan het ons nou die situasie dat die lede in die BSB wat van jou weet, met ander woorde die binnekring soos hy genoem is, jou as gekontamineer beskou. Is dit korrek? -- Ja, dit kan so wees.

As gevolg daarvan sê u vertrou die binnekring van die BSB u nie meer nie? -- Nee, dit het ek nooit gesê nie. Dit het net vir ons 'n aanduiding gegee dat ons op 'n ander werkswyse sal moet werk. Daar is 110 maniere wat jy dit net kan aanpas. Jy kan net (30)

nie in die openbaar saam met sekere mense gesien word nie.

U het gesê as gevolg van die feit dat u gekontamineer is, kan u nie die binnelandse projeklêers van die lede van die binnekring kry nie. Is dit reg? -- Dit is reg.

Want hulle sal daardie opdrag van u nie uitvoer nie. -- Miskien is dit uit lojaliteit. Miskien is dit dat die mense sê ons wil nie vir jou verdere probleme veroorsaak nie. Ek kan net nie sê waar en hoe hulle beskikbaar is nie.

Dit is nie die punt nie. Die punt is dat die binnekring-lede van die BSB weier om die bevel, om die lêers beskikbaar te stel uit te voer, korrek? -- Dit is, ek kan nie sê dat dit vir almal (10) so sou geld nie. Daar kon wel lede wees wat u nou sê die waarheid is.

Ek het u gister gevra of u by die BSB-lede gepoog het om die lêers terug te kry? -- Ja, ek het.

En u het vir ons gesê u kan nie? -- Ek het gepoog, maar ek kan dit nie kry nie.

Met/...

K60.1964

- 1662 -

VERSTER
(20)

Met ander woorde, ek kom terug na die punt toe, die lede van die binnekring van die BSB weier volgens u om u bevel uit te voer? -- Nee, ek sê dit is nie so nie, afhangende daarvan of die binnekring lede in 'n posisie is om te weet waar die lêers is.

Of die lêers - die lid van die binnekring is in besit van die lêer of hy het die lêer aan 'n derde gegee, nie waar nie? -- Nee, ek weet nie. Ek weet nie hoe hy opgetree het nie.

VOORSITTER: Mnr. Bertelsmann, ek dink regtigwaar ons gaan nie verder kom nie. Kom ons probeer iets anders.

MNR. BERTELSMANN: Die verdere verduideliking wat u vir ons gegee het is oor die probleem wat u nou het met die binne-kringlede van (30) die BSB, is dat hulle op hierdie stadium in die huidige situasie

'n bedreiging sien, nie waar nie? -- Nie 'n bedreiging sien nie, hulle voel suiwer geïntimideer rondom die hele probleem.

Hulle voel self bedreig, korrek? -- Goed.

Hierdie bedreiging het as gevolg van die veranderinge wat in resente tye plaasgevind het ontstaan sê u, korrek? -- Dit is korrek.

En nou sê u as gevolg daarvan dat die persone bedreig voel kan u ook nie verseker dat u beheer oor hulle kan uitoefen nie, korrek? -- Ek kan, ek het nie op die oomblik enige normale (10) bestuursprobleem, behalwe in terme van die probleem wat ons hier bespreek het nie.

Ja, u het beheer oor hierdie apparaat verloor? -- Nee, ek het nie. Ek het nie beheer oor hom verloor nie.

As u in beheer van die situasie was het ons nou nie met die probleem gesit wat ons besig is om te debatteer nie, nie waar/...

K60.2078

- 1663 -

VERSTER

waar nie? -- Ek het vir u gister gesê wat duideliker sou gewees (20) het. Dit is 'n totale situasie waarvan ons deel is, waarvan daar politieke vlak onderhandelings is, waarvan daar ANC-terroriste besig is om die land in te kom om 'n nuwe politieke bedeling te verkryk, waarbinne ons in werklikheid 'n element is of kom ons sê as BSB, as struktuur, slagoffers is daarvan. As ek vir u dit kan illustreer hoekom ons daar 'n probleem het, op die dag kennis tot my beskikking, op die dag wat die President dit aangekondig het, daardie selfde dag, daardie selfde aand was daar 'n telefoonoproep van die binne-land af na Harare toe dat wapens moet gelig word, dieselfde dag wat die President dit gesê het. Die (30) volgende Saterdag is wapens ingesmokkel binne-in die Republiek in. U self weet van die onrus wat in die buurstate was wat nou

gelei het tot 'n standpunt van die regering dat ons nie meer aan nasionale state onafhanklikheid gaan gee nie. Daar was gepraat van die omgewing van 100 tot 150 terroriste in Mosambiek en in Swazi-land wat in verskillende basisse gesit het, waar mense vir my gesê het dat dit is jammer dat ons nou in hierdie situasie sit dat ons nie mag voortgaan nie. Ons kan nie ons normale werk doen in die buiteland om as buffer te dien nie en dit is die atmosfeer waarin ons lewe, wat op televisie sê, gee julle samewerking. As dit kom by selfbehoud dan kyk jy na jouself. U het gesien vanoggend oor die media wat die reaksie is van die AWB in Welkom (10) en ons as struktuur het 'n selfbeskermings-probleem as ons nie op alle terreine dieselfde steun kry en ons hele situasie kan mooi verduidelik word as 'n mens begin by die begin en dit is om die ANC wat binne-in die land is plus die SAKP en ander linkse elemente te vra wat seek hulle daar en dan kan ek 'n antwoord gee wat seek julle daar. Dan

kan/...

K60.2176

- 1664 -

VERSTER

kan ek 'n antwoord gee wat seek julle daar. Dan kan ek sê wat (20) doen ons om te verhoed dat daar verdere intimidasie is in Welkom en in ander plekke. Dit is hoe ons koppe werk, dit is hoe my mense se koppe werk en dit is hoe ons opgetree het.

Waarop dit neerkom is kort en kragtig: U sien die belange van die BSB anders as wat die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag of die regering dit sien, so eenvoudig soos dit? -- Ons dink in terme van selfbehoud.

Presies en, goed en daarom sit ons in die situasie waarin ons nou sit. -- Omdat ons in terme van selfbehoud ...?

Ja. -- Nee, dit is verkeerd. Dit is as gevolg van die probleem (30) wat ons nou dink in terme van selfbehoud.

Ek volg. Ek dink ek is so te sê klaar, sou hierdie dalk

'n geleentheid wees om die kort verdaging te neem dat ek net gou seker maak of ek alles gedek het wat gedek behoort te word.

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR TEE. DIE KOMMISSIE HERVAT NA TEE.

PIETER JOHAN VERSTER, nog steeds onder eed:

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Baie kortliks, word daar tans enige aktiwiteite deur die BSB bedryf? -- Slegs besigheidsbedryf.

So toe u nou net gesê het dan sou ons vir u kon sê wat ons in Welkom doen, het u verwys na 'n aksie waarmee die BSB op die oomblik in Welkom besig is? -- Nee, daar is geen projekte aan die gang. (10)

Verskoning? -- Daar is geen projekte aan die gang op die oomblik in BSB nie.

Nou dit is egter so is dit nie dat al die BSB-lede op hierdie stadium nog betaal word, nie waar nie? -- Ja, dit is so.

En/...

K60.2289

- 1665 -

VERSTER

En daar is voorsiening gemaak om hulle vir die huidige en vir die res van die finansiële boekjaar te betaal, wil ek ver-onderstel. Is dit reg? -- Ek weet nie of dit nodig is om dit vir u te antwoord nie. (20)

VOORSITTER: Die probleem is mnr. Bertelsmann, is hulle het dieselfde regte as enige persoon wat in diens van die staat is, as hulle gesuspendeer word, of geskors word of iets. Hulle kan nie net eenvoudig ontslaan word nie.

MNR. BERTELSMANN: Ja-nee, dit is so. Hoe word die betaling van die individuele BSB-lede gedoen, wie is verantwoordelik daarvoor?

VOORSITTER: Ek dink nie, ek is jammer, ons is nou buite die, as u wil bewys dat hulle nog aangaan met projekte is dit een ding. (30)

MNR. BERTELSMANN: Nee, daar is 'n ander rede daarvoor.

VOORSITTER: Wat is die rede?

MNR. BERTELSMANN: Ek wil graag uitvind of daar - of hierdie getuie of iemand anders in beheer van die fondse is.

VOORSITTER: En wat is die rede hoekom u dit wil uitvind?

MNR. BERTELSMANN: Finansies is iets wat aangewend kan word ook afhangende van wie die diskresie uitoefen, om persone aan te moedig of te oortuig om sekere dinge te doen of nie te doen nie.

VOORSITTER: Ja, maar dan suggereer, het u rede om te suggereer dat die getuie besig is met soiets?

MNR. BERTELSMANN: Nee, mnr. die Voorsitter. Ek wil nie so 'n suggestie maak nie, maar ek wil net weet wie is in beheer van die finansies. (10)

VOORSITTER: Laat ons net hoor: U het, is dit nie so dat die BSB tans nog geld trek? -- Dit is korrek.

Uit/...

K60.2369

- 1666 -

VERSTER

Uit u spesiale fonds? -- Dit is korrek.

Wie ontvang daardie geld? -- Die geld word in terme van die finansiële plan word dit deur dieselfde mense wat nog die heelyd dit hanteer het, gehanteer.

(20)

Hanteer u enige fondse? -- Ek hanteer slegs die aanbeveling.

Daar is geen direkte fondse wat ek persoonlik magtig nie.

Of hanteer nie. Hanteer u enige fondse? -- Nee, ek hanteer glad nie enige fondse nie.

Is daar finansiële mense wat fondse ontvang en uitbetaal? -- Dit is korrek.

MNR. BERTELSMANN: Is u by magte om die uitbetaling van enige fondse van enige salaris aan 'n BSB-lid te voorkom? -- Te voorkom?

Ja, of te stop? -- Dit sal op my aanbeveling. Ek bespreek dit met die hoër hiërargie.

(30)

Het u nie finale beskikkingsbevoegheid daarvoor nie? -- Nee, ek het nie finale beskikking - in terme van die finansiële plan

kan ek dit hanteer.

Aan wie sou u 'n aanbeveling maak as u sê maar tot die gevolgtrekking sou kom dat 'n BSB-lid nie meer op betaling geregtig is nie? -- In terme van die finansiële plan kan 'n lid 'n maand kennis werk. As ek reg onthou is daar gevalle waar tot drie maande kan kennis gegee word en dan kan ek die besluit neem in terme van die plan, maar ek verwittig die hoër hiërargie daarvan.

Nee maar as - ek praat nou van die geval wat u meen dat 'n lid nie langer in die broederskap, om dit nou maar so te stel, hierdie lelike terme "bende" te gebruik soos u, van die BSB (10) tuishoort nie?-- Ek maak beswaar teen die woord "bende".

VOORSITTER: /...

K60.2457 - 1667 - VERSTER

VOORSITTER: Nee maar die vraag is, kom ons net aanvaar as iemand ontslaan moet word, hoe word hy ontslaan? -- Hy word ontslaan in terme van die finansiële en die personeelplan wat 'n bestuursbesluit is deur my en dan verwittig ek die hoër hiërargie daarvan.

MNR. BERTELSMANN: Maar die besluit sou u besluit wees? -- Ja, (20) as 'n bestuurder sal ek dit besluit.

En u het dan die alleen besluitnemingsbevoegdheid om 'n lid van die BSB in die pad te steek? -- Ja, daar kan uit-sonderings wees, daar kan verskille wees, afhangend van wie dit is en wat dit is.

Maar oor die algemeen? -- Ja.

Goed. Behoort u self aan enige organisasie wat 'n politieke verbintenis het behalwe die BSB? -- Glad nie.

VOORSITTER: Die ontslag van 'n werknemer sê u is volgens die personeelplan né, met 30 dae kennis? -- Dit is reg. (30)

Maar daar is sekere vereistes voor hy ontslaan kan word? -- Dit is reg.

Ek sien dat sy produktiwiteit moet ook nie na wense wees of hy moes hom skuldig gemaak het aan wangedrag ensovoorts? -- Dit is korrek.

En die finale beslissing berus by die voorsitter, maar net vir bewustelike lede? -- Ja.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. PRETORIUS: Die noodplan het u gesê is opgestel in ooreenstemming met normale prosedures van die weermag, onthou u dit? -- Nee, ek het dit nie gesê nie.

Ek het u verstaan om dit in kruisverhoor te gesê het. -- Ek het gesê dat aan die eenkant is daar die konvensionele plan wat opgestel is in ooreenstemming met dié wat ons noem 'n SAWO, 'n Suid-Afrikaanse Weermag Order, hantering van geheime dokumente/...

K60.2577

- 1668 -

VERSTER

dokumente en dan het ons 'n noodplan volgens die - kom ons, om dit vir u duidelik te maak, sê dit is 'n internasionaal aanvaarbare hantering van spesiale optrede, 'n "dead letter-box" stelsel waarvolgens jy funksioneer.

Is daar in terme van die noodplan neergelê watter rang in die weermag kan daardie noodplan in werking laat tree? -- Ons het nie range nie.

Maar die ekwivalent van 'n rang. Wie in terme van die noodplan kan dit in werking laat tree?

VOORSITTER: Met ander woorde u vraag is, dit kom daarop neer:

Kan mnr. Staal Burger byvoorbeeld die telefoon optel en die noodplan in werking stel of Braam of soiets? -- Die beste wat hy kan doen is om dit voor te stel.

Nou die vraag is wie kan dit in werking stel? -- So dit is dan slegs op my vlak.

Slegs op u vlak. In terme van die noodplan is u dan, moet u dan generaal Webb laat weet van die inwerkingstelling van die

(30)

plan? -- Nee, nie noodwendig nie.

Het hy geweet?-- Generaal Webb?

Ja. -- Nee, generaal Webb het nie geweet nie.

Hoekom nie? -- Ek sê dit is nie noodwendig dat generaal Webb
hoef te weet nie.

Toe u uit artikel 29 aanhouding uitgekom het, het generaal
Webb u genader in verband met dokumente? -- Nee glad nie.

Het hy nie? -- Hy het glad nie vir my genader nie. Ek weet
na die verskyning van generaal Webb voor die Kommissie weet ek
dat generaal Webb het met van my mense geskakel om na die belofte
aan die Kommissie om te kyk of hy die dokumentasie in die hande
kon kry en die antwoord was nee, dieselfde

probleem/...

K60.2674

- 1669 -

VERSTER

probleem wat ons nou mee sit.

Nadat u uit aanhouding uitgekom het, het enigiemand anders
u genader namens generaal Webb? -- Die geval wat ek nou uit die
vuis uit kan onthou is toe die ouditeur-generaal by die kantore
was, was dit brigadier Swart gewees.

Nee, my vraag is, u sien generaal Webb het voor die Kommissie
gesê terwyl u in aanhouding was, dat u moontlik die Kommissie kan
help in verband met die projeklêers. Nou wat ek wil weet is het
hy of iemand anders namens hom u genader toe u uit aanhouding
uitgekom het? -- Ek is nie genader nie, maar ons struktuur is
genader.

VOORSITTER: Dit is deur brigadier Swart? -- In terme van brigadier
Swart en die geval waar generaal Webb, ek dink dit was vir mnr.
Cilliers geskakel het.

Nou hierdie noodplan, handel dit net met dokumente? -- Daar
is vir elke optrede by ons is 'n alternatiewe plan, dit is 'n

(30)

algemene beginsel.

Wat van wapens in besit van lede? -- Wapens in besit van lede?

Ja, van die BSB. In terme van 'n noodplan wat moet hulle met die wapens doen? -- Wapens is in 'n gewone, op die gewone weermagstelsel word dit gehanteer en BSB-lede het geen arsenaal nie. Ons funksioneer nie met arsenale nie. 'n Lid het 'n persoonlike wapen soos wat enige burger dit kan kry. Dit is sy eie wapen wat hy aangekoop het.

Maar die BSB het wapenbronne en kan wapens ... ? -- Die BSB het 'n ondersteuningsarsenaal soos wat ons verduidelik het vir, (10)
in die geval van inligting het ons ook in terme van logistieke steun.

En dié bestaan nog? -- Dit is die kanaal na die weermag
toe/...

K60.2765

- 1670 -

VERSTER

toe.

My vraag is word iets in terme van die noodplan gedoen om die arsenale te bewaar? -- In terme van die noodplan?

Ja. -- Nee, dit is nie nodig nie, want ons kan nie wapens (20)
bewaar in ons terme. So daar mag 'n noodprosedure wees binne Spesiale Magte, maar dit het te doen met die gewone bewaring van wapens volgens weermagregulasie.

Maar u het gesê u kry nie u wapens van die Spesiale Magte nie, u het u eie bronne, het u gesê? -- Nee, ek het gesê ek kan my eie bronne hê, maar ek het ook gesê daar is die kanaal na Spesiale Magte as dit sou nodig wees.

VOORSITTER: Maar hoe moet dit gebeur? Sal dit weer wees dat u na generaal, na die voorsitter toe gaan en vir die voorsitter vra vir wapens en hy sal dit dan ...? -- Ja, dit sal alleenlik (30)
wees in terme van 'n plan en as 'n wapen sou nodig wees dan bied u dit aan, soos ek gister gesê het, onder die administrasie en

logistiek gedeelte is dit dan die onder-steuning van die plan en as dit 'n wapen sou beteken, dan word hy so aangevra.

MNR. PRETORIUS: Nou het u van 'n interne komitee kennis gedra wat aangestel is in Januarie of Februarie om 'n besluit te neem oor die toekoms van die projekte van die BSB? -- Ja, ek weet daarvan.

Nou het u geweet dat daardie komitee lêers gekry het?-- Ek is lid van die komitee. Die komitee het geen lêer gekry nie.

Wat ookal gesê was deur vorige getuies, dit is suiwer bedoel gewees dat dit as bestuursinformasie sou beskikbaar wees daar waar besonderhede wel beskikbaar is van buitelandse lêers om dan (10) besluite te neem rondom dit waaroor die komitee gaan, maar daar was geen fisiese lêers betrokke by die komitee

nie/...

K60.2882

- 1671 -

VERSTER

nie.

Nou wanneer eers, volgens die getuienis, het u eers pogings aangewend om dokumente, projeklêers spesifiek in die hande te kry na die inwerkingstelling van die noodplan, wanneer eers? -- Ek het van die begin af soos wanneer dit ter sprake was, van die begin (20) af het ek probeer om dokumentasie in die hande te kry.

Voor 28 Februarie? -- Ek sal nie nou die datum kan onthou nie, dit mag wees.

Maar daar moes 'n tydperk gewees het na die inwerking-stelling van die noodplan. -- U weet nou, ons het gepraat van middel Januarie en daarna waar lêers ter sprake gekom het, het ek probeer navraag doen.

U sê u het generaal Webb nie laat weet van die noodplan nie? -- Nee, ek het nie, want as ek reg onthou was generaal Webb, ek kan nou nie die tydperk onthou nie, maar ek dink generaal Webb (30) was op daardie stadium aangesê om nie sy normale funksie te verrig nie.

En Wright? -- Ekskuus?

Luitenant-kolonel Wright? -- Wat van hom?

Het u hom laat weet dat hier is 'n noodplan wat bewerk-stellig is? -- Ek weet nie of dit nodig is om daardie vraag te antwoord nie, maar ek sal vir u sê dat ek het niks met kolonel Wright te doen gehad nie.

Wel u sien ek wil net die stelling dat u te alle tye seker onlangs, bereid was om daardie lêers in die hande te probeer kry en u het gesê u wou saamwerk met die Kommissie. -- Ja.

U onthou dit, u het 'n begeerte gehad om die lêers in die hande te kry? -- Dit is korrek. (10)

Nou/...

K60.2983

- 1672 -

VERSTER

Nou u weet wie is die ondersoekbeampes in hierdie Kommissie, hoekom het u nie vir hulle gesê kyk daar is 'n noodplan, hier is die lys mense wat miskien opgevolg moet word om die lêers in die hande te kry? -- Omdat ek geweet het dit is 'n onbegonne taak en byvoorbeeld die dag toe ons 'n klopjag op ons kantore uitgeoefen was, was daar, dit was nooit aan my oorgedra vandag kom ons na julle kantore nie en ek was uitstедig gewees. Ek het ingeskakel en ek het oor die telefoon persoonlik met brigadier Mostert gepraat. Brigadier Mostert het my vir sleutels gevra. Ek het vir hom gesê ek het geen sleutels nie en toe het hy gesê hy gaan die kluiсе oopbreek en toe sê ek, ek sit honderde kilometer daarvandaan, ek kan jou nie stop nie. (20)

Is u nou bereid om daardie lys name vir luitenant-kolonel Wright te gee? -- Om 'n lys name?

Ja. -- Alle name, dit is deel van ons probleem, alle name ook van mense wat nie betrek is by hierdie saak nie dink ek is in besit van die Kommissie na die klopjag. (30)

U het melding gemaak van 'n groep mense, u het melding gemaak

van 'n nommer 30, omtrent 30? -- Ek het dit as 'n voor-beeld uitgedruk. Ek het al die verklarings het ons dit gesê van ek dink generaal Kloppers se verklaring veral en generaal Joubert, dat dit gegaan het oor streke, ons het gepraat van middelvlakbestuur en binnekring en buitekring, so ek praat van die totale struktuur van die organisasie.

Ek gaan dit nou nie met u debatteer nie, maar ek vra nogtans, daardie groep van 30, omtrent 30 mense is u bereid om hulle name oor te handig aan luitenant-kolonel Wright? -- Ek het vir u gesê die name is in besit van die Kommissie.

(10)

Ekskuus? -- Van alle - die name is in besit van die

Kommissie/...

K60.3084

- 1673 -

VERSTER

Kommissie.

Daardie spesifieke 30 name? -- Nie die spesifieke 30 nie, want ek het nie 30 as 'n spesifieke getal vasgepen nie. Ek het gepraat van die bestuur, die binnekring, die bewustelike element van die struktuur.

Sal u met luitenant-kolonel Wright saamwerk om hulle te identifiseer? -- As die Kommissie dit nodig ag sal ek met plesier saamwerk.

(20)

Het u so 'n aanbod alreeds gemaak? -- Aanbod gemaak?

Ja, om so saam te werk? -- Nee, ek het nie 'n aanbod gemaak nie. Ons het die saak hanteer soos ons hom tot dusver bespreek het.

U is gister uitgevra oor Botes, onthou u dit? -- Ja, ek onthou.

En u het gesê, gister het u gesê dat u gister na ou dokumente gekyk het en u het toe gepraat van 'n bedrag van amper R200 000, onthou u dit? -- Ja, ek onthou dit.

(30)

Watter dokumente was dit? -- Ek het gesê as ek dit reg onthou.

Dit is 'n verklaring van 'n interne ondersoek van lede wat met

finansies werk.

Maar u het gesê u het wel na dokumente gekyk? -- Dit is korrek.

Nou is dit eergister, het u na die dokumente gekyk? -- Wanneer?

Gister het u gesê dat "gister" wat nou eergister is, u na ou dokumente gekyk het? -- Ek het oor 'n lang tydperk na dokumente gekyk.

VOORSITTER: Nee, maar ons praat nou spesifiek van die Botes-ondersoek? -- Ja, ek het na 'n verklaring gekyk in die afge-lope tyd, die spesifieke dag kan ek nie onthou nie en toe het

(10)
ek/...

K60.3172

- 1674 -

VERSTER

ek gister gesê as ek reg onthou is dit 'n bedrag van ongeveer R199 000 wat as 'n probleem van sy hantering van administrasie was.

MNR. PRETORIUS: Nou my enigste vraag is u het gister gepraat van dokumente wat u na gekyk het. -- Ja goed.

Dit sou nou vandag eergister gewees het volgens u getuienis, nou watter dokumente het u nog in u besit? -- Ek het 'n interne raad van ondersoek het ons in ons besit. (20)

Is dit al? -- Ja, dit is wat ek van praat.

Nou dink u dat daar is enige waarborg wat hierdie Kommissie kan gee of enigiemand anders kan gee wat sal die lede van die BSB oortuig om die dokumente terug te handig? -- Ek kan geen waarborg gee nie.

Ekskuus? -- Ek kan geen waarborg gee nie.

Is daar niks volgens u wat aan hulle gewaarborg kan word om hulle die dokumente te laat oorhandig nie? -- As 'n mens in, ek wil sê in terme van veiligheid en jou familie se veiligheid optree dan kom hulle lewens kom eerste, basiese behoefte, Masloe se benadering. (30)

Maar as dit verseker kan word? -- Dit kan nie verseker word nie, deur niemand nie.

So wat dit eintlik op neerkom, u sê vir ons ons gaan nooit daardie dokumente kry nie? -- Nee, ek het gesê ek kan dit nie waarborg nie.

Nou wat weet u van Projek Onus? -- Uit die vuis uit kan ek nie onthou nie. Daar is baie projekte.

Wel, wat weet u van projekte van Chappie Maree wat in 'n hotel uitgevoer is, verlede jaar? -- Dit moet u vir sy streek-bestuurder vra.

Nee, ek vra u? -- Ek antwoord u dat ek nie direk projekte hanteer/... (10)

K60.3327 - 1675 - VERSTER
hanteer nie, ek bestuur die struktuur. Ek kan nie uit die vuis uit enigiets onthou nie.

Maar u is betrokke in die goedkeuringsproses? -- Ja, dit is so.

Inligting gaan deur u na bo en terug na onder? -- Dit is korrek.

Nou ek vra u weet, dit is nie lank gelede, dit is ses maande gelede, projekte wat in Natal deur Chappie Maree uitgevoer is ...? (20)

-- Ons praat van 'n paar honderd projekte, so ek kan nie uit die vuis uit - as u enige besonderhede wil hê moet u dit vir my sê en ek sal dit vir u verskaf as dit nodig is.

Watter projekte in verband met vakunies?-- Ekskuus?

Watter projekte is aangegaan in verband met vakunies? -- Daar is geen spesifieke projek in vakunies - dit gaan oor die insameling van inligting, die informasie in die algemeen en niks anders nie.

Dit is uit die normale, kom ons sê die elemente van die staat se magsbasis wat vakbonde sou insluit, wat na gekyk word.

K61 KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. VISSER: Ek wil u net vra ten aansien van Botes, ekskuus tog, ek het al weer dieselfde fout gemaak. (30)

Ek wil u net vra ten aansien van mnr. Botes, verstaan ons u getuienis korrek dat wat u ook aanbetref was daar wrywing tussen u en mnr. Botes? -- Mnr. Botes was beskou as een van die individue wat die beste moontlike, sou ek sê wat vir my aanvaarbaar was, produksie kon lewer tot op 'n punt, totdat wat my betref het hy sielkundige, iets snaaks met hom gebeur dat hy 'n probleem opgetel het.

En het daar toe wrywing tussen u en hom gekom? -- Daar het wrywing ontstaan.

As/...

K61.0055

- 1676 -

(10)
VERSTER

As u dit vir die Kommissie moet verduidelik wat sou u sê was die aanleidende oorsaak van hierdie wrywing? U het reeds gepraat van 'n geldprobleem, ons gaan nou daarby kom. Wat ek by u wil weet was daar iets anders ooit gewees wat gepla het tussen u en mnr. Botes? -- Vir my het daar niks anders gepla as die wyse waarop hy fondse hanteer het nie en dan was daar, ek skat dit nou, in die omgewing van Meimaand het 'n ander lid van die struktuur in afsondering met my kom praat en vir my gesê dat hy kan dit nie bewys nie, maar hy voel rondom die hantering van geld is daar 'n probleem en omdat ek hierdie situasie waarbinne mnr. Botes eintlik (20) baie goeie produksie beter, het ek 'n algemene rasionalisasie binne ons struktuur aangekondig waarvan 'n element daarvan was, is om ook te kyk na die wyse waarop hy fondse hanteer het.

Goed, terwyl u dan nou praat oor die fondse, kan u net vir ons sê is u opvatting dat Botes die BSB geld skuld of andersom wat is presies die probleem met die fondse, is daar fondse weg? -- Dit is die nie-toepassing van die finansiële beleid, naamlik om dokumentasie as koördineerder wat sy aan-stelling was en nie streekbestuurder en al sulke dinge nie, om daarvolgens op te tree (30) en sy administrasie rondom die hantering van fondse het beteken dat op rekenaar en op boeke is daar fondse uitstaande. Dit is

die probleem en dan was daar onder die mense van die struktuur probleme met die wyse waarop 'n gewone salaristrekker, wat byvoorbeeld dobbel, R5 000 op 'n slag. Hy het vir my in sy frustrasie daar gesê dat ons salaris is nie eers gelykstaande aan sy woltjek nie. Die hoeveelheid beeste wat hy in sy besit gehad het terwyl hy in diens geneem is by die struktuur omdat hy 'n probleem gehad het in sy vorige beroep.

Is/...

K61.0122

- 1677 -

(10)
VERSTER

Is u klaar? -- Ja.

Miskien kan ek die vraag duideliker probeer stel: Indien dit beweer sou word deur Botes dat die BSB hom geld skuld wat sou u reaksie wees? -- Ek weet dat hy wel dit gesê het. Ek sou sê dat die enigste fondse wat moontlik teenoor hom geskuld kon gewees het, ek verstaan dit is nie deur my gedoen nie, dit is later deur iemand gedoen, is daardie geld wat ons nie sy salaris wou betaal nie. Ek het die advies van die ouditeure ingewin dat dit 'n weermagregulasie is dat voordat jy 'n man sy finale salaris (20) verskaf, moet sy administrasie op datum wees. So in daardie terme voordat hy van my af weg is kon dit 'n eis van hom gewees het.

Verstaan ons u korrek, dat dit is nie u standpunt dat Botes aan die BSB geld skuld nie? -- Nee, ek wil dit net hier uitwys dat in terme van die interne oudit is daar 'n bedrag van R40 000 ter sprake, want as ek reg onthou het die ouditeur gesê dat die bedrag van R40 000 was in sy bankrekening inbetaal wat ook teenstrydig is met die finansiële beleid.

So volgens u inligting is dit u standpunt dat Botes R40 000 aan die BSB verskuldig is? -- Dit is minstens dit.

Beskou u uself dat u verantwoordelikheid moet aanvaar vir (30) daardie R40 000? -- Wel, dit is my verantwoordelikheid, alle fondse

van die stelsel.

Die persoon met wie u gepraat het oor die swak administrasie van Botes wie was die persoon of is u nie bereid om te sê nie? -- Wel, ek het met Botes self daarvoor gepraat.

VOORSITTER: Nee, maar iemand het met u kom praat in Meimaand wat u gesê het. -- Ja-nee, ek wil nie graag sy naam noem nie, maar as dit nodig is om die saak verder toe te lig het hy hom bereid verklaar om onder dieselfde voorwaardes as die res om te/...

K61.0191

- 1678 -

(10)
VERSTER

te kom gesels.

MNR. VISSER: Is dit korrek dat na aanleiding van die finansiële situasie het u 'n woordewisseling gehad? -- Dit is korrek.

Dit was u getuienis gewees. Die laaste vraag is, was daar nie ook wrywing gewees tussen u en Botes as gevolg van inligting of die kwaliteit van inligting wat hy sou ontvang het ten aansien van sy streek nie? Is u bewus daarvan, onbewus daarvan? -- Ek sou sê die kwaliteit van inligting is 'n algemene probleem, maar ek dink mnr. Botes verstaan nie die struktuur mooi nie. Ons was nie veronderstel om van bo af noodwendig altyd inligting te kry nie. Hy het 'n verantwoordelikheid op sy vlak gehad om sekere inligting beskikbaar te stel. So dit was nie 'n werklike wesenlike probleem nie. Miskien van sy kant af, vir my was dit nie. (20)

Nee, die vraag is eintlik is u bewus van so 'n probleem dat daar 'n probleem was by Botes oor inligting? -- Ek kan my dit nou nie mooi herinner nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Kan ons net hoor, u het gepraat van faktore van die BSB. Het elke kantoor sy eie streek.

Ag ek is jammer, elke streek sy eie kantoor? -- Hulle het wel streekskantore. (30)

En is hierdie kantore versprei oor die hele land? -- Dit is

wydverspreid ja.

En het hulle ook kantore in die buiteland soms? -- Daar kan kantore wees in die buiteland, in sekere gevalle.

Wanneer koördineerders lêers van streke aanvra vir hantering daarvan in verband met projekte word hierdie lêers dan deur hulle verwyder vanaf die kantore waar dit geliasseer word normaalweg? -- Dit is korrek.

En/...

K61.0254

- 1679 -

VERSTER
(10)

En as iemand in 'n kantoor in Natal of iewers in die Kaap 'n lêer aanvra dan word die lêer soontoe geneem? -- Dit word weggevat.

En eers wanneer dit klaar hanteer is word dit weer terug-besorg? -- Dit is korrek.

U het ook vir die Kommissie gesê dat die werklike bedrywighede van BSB nou tot 'n stilstand gekom het. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

En die persone wat by hierdie, die lede van die BSB wat by hierdie bedrywighede betrokke was, is hulle nou gesuspendeer of gevra om verlof te neem of tydelik geskors, wat is die posisie? -- Die mense is aangesê om slegs by normale besigheids-aksies van daardie verpligte, kontraktuele verpligtinge mee voort te gaan. (20)

En net om terug te kom na die lêers, ons het nou al baie daarvoor gehoor, ek gaan nie veel daarvoor vra nie, ons het gehoor dat generaal Badenhorst ook 'n interne ondersoek gedoen het bygestaan deur brigadier Engelbrecht? -- Dit is korrek.

Volgens generaal Badenhorst het hierdie ondersoek, is hierdie ondersoek gelas hier net na die middel van Desember van 1989? -- Dit is korrek. Dit was eers in 'n ander vorm en toe lateraan het hy meer 'n interne ondersoek ontaard. (30)

Het hierdie ondersoek 'n aanvang geneem voordat u die noodplan

in werking gestel het, generaal Badenhorst se ondersoek? -- Miskien moet u net die vraag weer vra, want ek het nou gedink aan die lêer.

Generaal Badenhorst het in sy verklaring gesê dat hy opdrag gekry het om hier, meen ek hier op 20 Desember rond het hy opdrag gekry om saam met brigadier Engelbrecht, 'n ondersoek, 'n interne ondersoek in te stel? -- Dit is reg.

Hy/...

K61.0320

- 1680 -

VERSTER

Hy het toe met daardie ondersoek begin? -- Ja.

(10)

Op daardie stadium was die noodplan al in werking of nog nie in werking nie? -- Nee, die noodplan was toe nog nie heeltemal in werking nie.

Het generaal Badenhorst ooit vir u enige lêers gevra? -- Nee.

Het hy slegs inligting gevra? -- Hy het net inligting gevra.

En is daardie inligting aan hom verskaf? -- Dit is elke keer verskaf.

Het generaal Klopper ooit vir u enige lêer gevra? -- Nee, nooit nie.

As u my 'n oomblik verskoon mnr. die Voorsitter? Daar was blykbaar 'n bewering dat mnr. Staal Burger geld op 'n onreëlmatige wyse in die buiteland sou bestee het. Weet u of daardie bewering ondersoek is deur generaal Badenhorst? -- Nee, dit is nie ondersoek nie. As ek reg onthou was generaal Badenhorst se benadering dat dit nie prakties moontlik was nie.

(20)

Voordat u deur brigadier Mostert van die Suid-Afrikaanse Polisie gearresteer is het u enige vermoede gehad dat daar 'n voorneme aan sy kant was om u ingevolge die bepaling van artikel 29 te arresteer? -- Ja, ek het dit as 'n logiese ge-volgtrekking gesien na aanleiding van ander mense wat toe alreeds gearresteer was.

(30)

En uiteindelik is daar toe 'n afspraak gereël waartydens u

hom ontmoet het? -- Dit is korrek.

U is vergesel deur u span regsverteenwoordigers?-- Dit is korrek, op daardie stadium.

Op daardie stadium toe u gearresteeris? -- Dit is korrek.

Hoe/...

K61.0380

- 1681 -

VERSTER

Hoe lank was u in aanhouding mnr. Verster?-- Sewe dae.

En hoeveel keer is u ondervra gedurende hierdie tydperk van sewe dae? -- Ek sou sê as dit 15 minute was dan was dit lank gewees. (10)

In totaal? -- In totaal die effek, kom ons gee toe op 20 minute deur brigadier Mostert.

Net enkele vrae oor mnr. Botes. Het u deur middel van u huidige prokureur verneem van eise wat deur mnr. Botes gestel word vir die uitbetaling van geld wat na bewering aan hom ver-skuldig is? -- Ja, ek het verneem van 'n eis van iets soos R1,8 miljoen.

En was betaling van - het hy betaling van daardie bedrag geëis? -- Ek het, dit is hoorsê. Ek weet dat die eis was ge-stel as ek reg onthou deur na ons generaal toe en ek herinner my aan 'n dreigement wat hy gevoer het. Indien dit nie sou betaal word nie ... (tussenbei) (20)

Dit is presies wat ek nou wil hê, wat was die dreigement gewees mnr. Verster? Indien u dit nie sou betaal nie, wat sou dan gebeur? -- Daar kan bewys gelewer word dat mnr. Botes mense genader het wat gepraat het van koerante van tot R250 000 wat hy sou kon kry omdat sy eise nie wou betaal word teenoor eise wat as belangrik beskou word.

Het hy gedreig om na die pers te gaan indien die eis nie betaal word nie? -- Daar was baie dreigemente daarvoor. (30)

Weet u of daar 'n datum gestel word waarteen u daardie bedrag moes betaal? -- Nee, dit kan ek nie uit die vuis onthou nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Geen vrae.

MNR. BERTELSMANN: Mag ek miskien net een vraag stel, net aan die Kommissie, die dokumente ten opsigte van die interne raad
van/...

K61.0449

- 1682 -

VERSTER

van ondersoek waarna nou in herverhoor, in verdere kruisverhoor van melding gemaak is, het die Kommissie dit ter insae gekry?

Mag ek aan die hand doen dat ons dit miskien kan kry.

VOORSITTER: Ons het dit nie ter insae nie.

(10)

MNR. BERTELSMANN: Verskoning?

VOORSITTER: Ons het dit nie ter insae nie. -- Mag ek net iets oor die dokumente sê asseblief? Indien die dokumente sou beskikbaar gestel moet word dan wil ek net versoek dat dit asseblief op 'n spesiale wyse gedoen word omdat daar sekere dreigemente in hierdie atmosfeer wat daarin verskyn wat ek dink wat van so 'n aard is dat dit onnodige bekommernis by mense gaan wek. So ek vra net asseblief as dit sou beskikbaar gestel word dat dit net in ag geneem word

VOORSITTER: Ons sal, ek neem dit in ag.

(20)

MNR. BERTELSMANN: Kan ons net 'n bietjie hoor watse dreigemente is dit?

VOORSITTER: Wel, laat ons maar eers dit kry. Hy sê mos hy wil dit nou nie openbaar nie, want dit is skynbaar in die dokumente en dit is juis die rede hoekom hy dit nie wil openbaar nie, nie so nie.

MNR. BERTELSMANN: Ja, wel ek dink dit is miskien in die openbare belang dat 'n mens net daarna kyk.

VOORSITTER: U moet seker eers na die dokument kyk.

GEEN VERDERE VRAE

(30)

MNR. BERTELSMANN: Verskoning mnr. die Voorsitter, mag ek miskien net op hierdie stadium iets opper ten opsigte van die verdere

reëling. Mag ek net, miskien is dit die beste as ek vra dat ons net vir 'n oomblikkie verdaag. Ek wil net iets met mnr. McNally bespreek ten aansien van die lei van verdere

getuienis/...

K61.0517

- 1683 -

getuienis. Daar is sekere mededelings in die vorige verdagting gemaak ten aansien van die verdere lei van getuienis, wanneer ons gaan sit ensovoorts. Miskien kan ons dit net gou, as ons dit net kan opklaar asseblief.

(10)
MNR. HATTINGH: Mag ek miskien, ek weet nie of dit werklik nodig is dat u 'n verdagting neem nie. Ek het aan my geleerde vriende te kenne gegee soos wat ek meen ek ook al aan u in kamers te kenne gegee het dat ons tyd sal nodig hê om kruis-ondervraging vir hierdie getuie voor te berei. Nou toe het ons 'n gesprek gevoer. My geleerde vriende het gevoel dat dit billik teenoor die getuie sou wees indien sy getuienis in geheel dan afstaan om ons geleentheid te gun om daardie kruis-verhoor voor te berei en dat hy nie noual sy hoofgetuienis aflê nie. Uit die aard van die saak sou ek verkies om eers sy hoofgetuienis te hoor, maar ek gee toe dat dit onbillik teenoor hom kan wees en ek berus my by u besluit in daardie verband. (20)

Dit gaan egter vir ons nodig wees om na aanleiding van heelwat openbaring wat hierdie getuie gemaak het waarby verskeie persone betrek is, persone wat oor die land versprei is, dit is na aanleiding van daardie aspek wat ek vir mnr. Verster gevra het van kantore wat versprei is, persone wat nader getrek moet word, gekonsulter moet word, dokumentasie wat verkry moet word ...
(tussenbei)

VOORSITTER: Wat is die probleem?

MNR. BERTELSMAN: Nee, dit is die aspek wat ek wou aanspreek mnr. die Voorsitter, want onder die omstandighede mag dit dalk beter wees as die getuie afstaan dan tot my geleerde vriend geleentheid (30)

gehad het ... (tussenbei)

VOORSITTER: Mnr. Bertelsmann, die meeste van u het geleentheid gekry om af te staan na die getuienis-in-hoof en

laat/...

K61.0576

- 1684 -

laat ek liewers eers weet wat die getuie sê dan weet ons wat voorberei moet word, want 'n voorbereiding op persberigte gaan my nie veel help nie.

MNR. BERTELSMANN: Ek het geen belang by die getuie as sodanig
(10)
in terme van die Kommissie nie.

PETRUS JACOBUS BOTES, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Mnr. die Voorsitter dit is dan Petrus Jacobus Botes. 'n Verklaring is aan die beamptes van die Kommissie gegee. Ek glo dit kom van my geleerde vriend, mnr. Bertelsmann, en dan onder dekking van 'n brief van my geleerde vriend, mnr. Bertelsmann, het ons 'n addisionele dokument ontvang met die datum 4 Maart 1989 wat gaan oor die eliminerings van K.E. Mhlaba wat ek wil inhandig. Die verklaring self wil ek nie op hierdie stadium inhandig nie, alhoewel dit ter insae van al die
(20)
regspanne versprei is, want dit gee baie inligting wat moontlik nie relevant is tot die werksaamhede van die Kommissie nie. Ek wil dus net sekere dele van die verklaring lei en indien my geleerde vriende meen dat ander dele ook ter saaklik is dan sal dit hulle natuurlik vrystaan om daardie dele ook voor u te plaas onderworpe aan u reëling oor relevansie. Mnr. Botes, is u 35 jaar oud? -- Dit is korrek.

Het u in 1972 gematrikuleer? -- Ja, ek het.

En in 1973 het u met u nasionale diensplig te Heidelberg, Transvaal begin? -- Dit is korrek.

Na die verstryking van u diensplig periode is dit so dat u
(30)
aangestel was as 'n junior offisier by die valskerm bataljon? --

Dit is korrek.

Waar was u dan gestasioneer? -- In Bloemfontein.

En het u dan tot einde 1980 in die weermag gewerk? -- Van
tyd/...

K61.0683

- 1685 -

BOTES

tyd tot tyd, ja.

Vanaf 1980 het u gaan boer tot Oktober 1987? -- Dit is korrek.

En is u op 'n stadium genader om lid te word van die BSB?

-- Dit is korrek.

(10)

Wanneer het dit gebeur? -- Dit het September, middel tot einde
September 1987 gebeur.

En het u toe besluit om weer aan te sluit by die weermag as
lid van die BSB? -- Dit is korrek. Op daardie stadium was dit
nie aan my bekend dat dit die BSB as sulks sou wees nie.

En is u aangestel as koördineerder van een van die streke
wat in die buiteland gewerk het? -- Dit is korrek, na 'n tydperk
in BSB.

En was u ooit eintlik in die binneland bedrywig as lid van
die BSB? -- Nee, alhoewel ek hier gestasioneer was, was ek betrokke
by Streek 2 as 'n buitelandse streek. (20)

Ek wil u getuienis nou lei vanaf paragraaf 35 van u verklaring
op bladsy 9. Ons het die werklike naam van die persoon Du Plooy
wat u daar noem uitgehaal, sal u die geredigeerde weergawe
asseblief aan die Kommissie voorlees sonder vermelding van Du Plooy
se regte naam? -- Ek sal dit so doen:

"Operateurs van buitelandse streke is soms gevra om
binnelandse take te doen, byvoorbeeld: Ek is op 4 Maart 1989
genader deur ene Shane du Plooy. Hy het 'n opdrag van Joe
Verster ontvang om eliminasië te doen in Durban. Die teiken
was ene K.E. Mhlaba, 'n prokureur van Durban. Hy was na
bewering 'n seniorlid van die ANC en het glo wapens vir hierdie
(30)

organisasie aangekoop. Die voorstudie was reeds gedoen, die verkenning was reeds gedoen en daar

was/...

K61.0755

- 1686 -

BOTES

was 'n aanbieding aan my gedoen deur Shane vir die eliminasië van die betrokke persoon. Hy sou vergiftig word. Ek het geweier om dit te doen. Ek het geweet van die bestaan van Streek 6, ek het nie daarmee saamgestem nie. Die rede was dat daar 'n ooreenkoms was met die polisie. Die rede was dat daar 'n ooreenkoms met die polisie bestaan het dat die Republiek van Suid-Afrika en Swaziland, die polisie se verantwoordelikheid sou wees en om daardie rede was ek nie bereid om betrokke te raak by die potensiële dispuut tussen die weermag en die polisie nie." (10)

Gaan voort met pragraaf 36 asseblief? --

"As gevolg van die sogenaamde nuwe sisteem wat deur Joe Verster voorgestel is het dit dan gebeur dat projekte soos Mhlaba, nie noodwendig dokumentêr geboekstaaf is nie."

Sal u net baie kortliks vir die Kommissaris vertel wat u bedoel met u verwysing na die sogenaamde nuwe sisteem? -- Wat gebeur het in die sogenaamde ou sisteem, sou die inligting deur die inligtingsgemeenskap aan Spesmagte by die Kop beskikbaar gewees het uit die breë inligtingsgemeenskap. Ek as koördineerder sou 'n saamgestelde lêer op 'n spesifieke persoonlikheid, in hierdie geval Mlaba kry, in detail reeds voorberei. In die nuwe bestel het soiets nie bestaan nie. In die ou bestel wanneer ek toegang gekry het tot daardie lêer moes ek dit fisies gaan haal het of dit is gebring deur hulle trans-Spesmagte van die kop se inligtings sisteem aan my en ek het geteken vir daardie inligting. In die nuwe bestel het dit nie so gewerk nie. Ek het nie gegaan en daardie persoonlikheid se (20) (30)

teikenlêer gaan trek nie. Ek het doodeenvoudig

uit/...

K61.0811

- 1687 -

BOTES

uit 'n samestelling van soos hier gebeur het, vanaf Du Plooy feite gekry oor hoe dit gedoen moet word. In hierdie spesifieke geval het ek ook nie kennis gedra op daardie stadium van hoe Du Plooy nie deur my vooraf opdrag gegee was nie. Ek het hom normaalweg persoonlik getaak. Sou daar 'n persoonlikheid blyk te wees, dan sou ek om help met die samestelling van hierdie persoonlikheid se teikendossier, aangesien ek normaalweg oor die inligting beskik (10) het en hy dan getaak sou word met daardie inligting om te gaan om die verkenning te doen. Die administrasie dan, verbonde aan daardie projek sou reeds in daardie voorstudie fase dan in detail geskryf gewees het met verwysing na die teiken of die persoonlikheid presies waaroor dit sou gegaan het, hetsy dit 'n onderwerp anders as 'n persoonlikheid sou gewees het.

Ja, gaan voort met die lees van paragraaf 36 vanaf die woord sekere, heel aan die einde van bladsy 9? --

"Sekere operateurs soos byvoorbeeld Du Plooy, het 'n (20) deurlopende maandelikse begroting vir sommige buitelandse projekte gehad waaruit hulle reis- en verblyfkoste asook ander uitgawes gedek het. Terwyl hulle met projekte van hierdie aard besig was, kon sodanige operateurs tussen-tydse korttermynopdragte ontvang en uitvoer sonder dat daar 'n afsonderlike lêer vir sodanige korttermynprojek bestaan het.

Die uitgawes en onkoste wat vir die kort-termynprojek aangegaan is, sou in die begroting van die langtermynprojek opgeneem word. 'n Mens kan dus nie eenvoudig aanvaar dat elke BSB projek 'n afsonderlike lêer gehad het nie."

Ja, kan ons 'n paar paragrawe oorslaan asseblief en ons kom (30) by paragraaf 54 op bladsy 14. Paragraaf 54, lees dit

asseblief? --

"Ek wil graag bevestig dat ek reeds met amptenare van die Kommissie in aanraking was alvorens ek hierdie verklaring afgelê het. Tydens daardie gesprek is daar egter nie aan die aspekte wat ek hierin tevore uiteengesit het, aandag gegee nie en is ek oor die aangeleenthede, wat myns insiens tog vir die afhandeling van die Kommissie se taak relevant is, uitgevra nie." (10)

Ja, is dit korrek dat ek en kolonel Wright, my mede-Kommissiebeampte u op 16 Maart 1990 in die teenwoordigheid van u prokureur, mnr. Hennie van Zyl in my kantoor te woord gestaan het? -- Dit is korrek, ja.

En is dit ook korrek dat ons tydens daardie vergadering dit baie duidelik aan u gestel het dat ons belangstel in enigiets wat betrekking gehad het op die binnelandse aktiwiteite van die BSB? -- Dit is korrek, ja.

So u was geensins beperk in daardie onderhoud met die verskaffing van inligting oor die binnelandse bedrywighede van die BSB nie, stem u saam? -- Dit is korrek. (20)

Tydens daardie onderhoud is dit korrek dat u aan ons, die twee genoemde beamptes gesê het dat die persoon Du Plooy, 'n verkenning gedoen het ten opsigte van 'n aktivis in Durban wat ook 'n prokureur was met die naam Mhlaba? -- Dit is korrek, ja.

En het u verder vir ons vertel dat die monitering deur genoemde Du Plooy en sy handlanger, 'n Portugese swartman met die skuilnaam Bois Nolo gedoen is? -- Dit is korrek, ja.

Nou stem u met my saam dat dit nooit aan ons, die gemelde twee beamptes van die Kommissie geopenbaar was dat die doel van daardie verkenning of monitering die eliminasië van gemelde Mhlaba (30)

was nie? -- Dit mag so wees. Die indruk

waaronder/....

K61.0982

- 1689 -

BOTES

waaronder ek was, was die feit dat die verkenning wel gedoen was soos wat ek dit aan u gestel het.

VOORSITTER: Nee, die vraag is, luister na die vraag. Die vraag is het u vir mnr. McNally gesê dat daar 'n projek was om Mhlaba te elimineer? -- Ek het dit so verstaan, ja.

Het u dit vir hom gesê? -- Ek weet nie of ek spesifiek gesê
(10)
het elimineer nie.

Wat het u vir hom gesê? -- Ek het vir hom gesê, ek het vir hom die feite gegee wat vervat was oor die verkenning wat gegaan oor die eliminerings. Dit is waaroor die verkenning ... (tussenbei)

Wat het u vir hom gesê, sê vir my wat het u vir hom gesê? -- Ek kan nie woordeliks onthou wat ek gesê het nie.

Hy het nou vir u gestel dat u vir om gesê het daar was 'n verkenning en 'n monitering? -- Dit is korrek, ja.

Is dit al wat u vir hom gesê het? -- Ja.

Is u nou tevrede dat dit al is wat u gesê het? -- Ek aanvaar
(20)
dit dit alles is.

MNR. MCNALLY: U sien mnr. Botes, beide ek en my kollega, kolonel Wright het notas gehou van wat u vir ons vertel het en ek wil dit aan u stel dat u geen melding van die eliminering tydens ons vergadering gemeld het nie, gemaak het nie? -- Ja, soos ek dit aan u genoem het ek het dit gesien in die lig van die verkenning was gedoen vir eliminering. Daar was geen ander rede om 'n verkenning op so 'n teikenpersoonlikheid te doen nie. Dit is hoekom ek dit nie ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ja, maar u het dit nie gesê vir mnr. McNally nie,
(30)
dit is die punt. Dit is die eenvoudige punt en nou in die beëdigde verklaring gee u te kenne dat hulle u nie wou aanhoor oor sulke

goed nie. -- Nee, ek het ook in die verklaring gesê

dat/...

K61.1046

- 1690 -

BOTES

dat dit uit latere gesprekke geblyk het dat ek dit waarskynlik nie gesê woordeliks nie, maar dat dit relevant was en ek dit nie op daardie stadium pertinent so oorgedra het nie.

MNR. McNALLY: My geleerde vriend mnr. Bertelsmann het onder dekking van 'n brief van hom 'n dokument aan my voorgelê wat gaan oor die eliminerings van mnr. K.E. Mhlaba? -- Dit is korrek, ja. (10)
Die dokument is gedateer 4 Maart 1989. -- Dit is korrek, ja.

Ek dink u sal ook met my saamstem dat daardie dokument of selfs die bestaan van die dokument nooit teenoor my of kolonel Wright vermeld was tydens ons konsultasie nie waar nie? -- Dit is korrek. Die rede daarvoor was dat tydens my konsultasie met u en kolonel Wright was daar geen voorbereiding vooraf deur my gedoen nie. Dit is aan mnr. Van Zyl, die prokureur, aan my gestel dat ons gaan om u te sien, u wil met ons praat oor iets en op daardie stadium was daar geen voorbereiding gedoen nie. So ek het nie geweet waarom dit gegaan het nie en ek kon nie op daardie stadium sweer ek het 'n dokument, want ek was nie seker of ek 'n dokument gehad het nie. (20)
Het u die oorspronklike van hierdie dokument by u vandag? -- Ja, ek het die oorspronklike van die dokument.

Sal u dit te voorskyn bring asseblief? -- Kan ek net my tas kry asseblief.

Goed, kan ons vir u u tas oorhandig. Ek wil dit inhandig dan asseblief as C35. Is dit korrek mnr. Botes, dat u nie eers melding gemaak het van hierdie dokument in u beëdigde verklaring gemaak het wat onder die regslui versprei is. Die rede daarvoor was, dat nadat hierdie verklaring gemaak was het mnr. Bertelsmann en sy kollega dit aan my (30)

gestel/...

gestel dat ek sal die bewering wat ek maak moet kan staaf, waarna ek teruggegaan het en gaan soek tussen dit wat ek gehad het en wel die dokument gekry het en dit daarna tot hulle beskikking gestel het en hulle dit aan my gestel het dat ek dit aan die Kommissie sal moet beskikbaar stel, waarna dit aan die Kommissie beskikbaar gestel was.

Sal u ons asseblief deur hierdie dokument neem sodat ons dit kan verstaan? Wie se handskrif is dit in die eerste plek? -- Die handskrif is die handskrif van Shane du Plooy.

(10)

"Gedateer 4 Maart 1989. K.E. Mhlaba.

Rede vir eliminerings:

1. Senior ANC-lid binnelands.
2. Beskik oor 'n geheime verbindingsmetode met buitelandse lede.
3. Hanteer koeriers vanaf Durban na Swaziland na Maputo.
4. Verskaf fondse aan militêre lede vir operasies.
5. Betrokke by UDF.

Eliminerings: Plan A:

Metode - Gif:

(20)

- a. Bois - Shane ry per voertuig vanaf Johannesburg na Durban."

Mnr. Bois is die swart Portugese man né? -- Dit is korrek ja.

"Die datum daar aangegee 13 Maart 1989. Dan is daar 'n gedeelte wat doodgetrek is onder B. Geen hotelle word bespreek in Durban nie."

Dit is deurgehaal goed. -- Dit is deurgehaal. Punt B daarna oorgeskryf:

"b. Verblyf word gereël in PMB."

(30)

Wat dan sal staan vir Pietermaritzburg.

"13 Maart/...

"13 Maart. (Dit lui hier 13 Maart 8."

Dit is 1989 seker in die oorspronklike. --1989.

"c. Derdeparty (een persoon) beweeg na Durban (wat afgekort is). (Reël koördinering met HK 13 Maart 1989. Bespreek hotel op Noord."

Lees vanaf die oorspronklike en dan sal u fotokopiërings-proses nie probleme gee nie. Lees net weer vanaf Durban asseblief - (Reël ...? --

"Durban. (Reël koördinering met HK 13 Maart 1989."

(10)

Wat is HK? -- Dit is hoofkantoor.

Hoofkantoor, goed, ja. --

"Bespreek hotel op noordkus.

d. 14 Maart 1983 beweeg Shane, Bois na Durban en RV met 'n derde persoon."

Is dit "rondesvouz"? -- Dit is korrek.

"Vir antwoord finale goedkeuring. (Geen telefoongesprekke vanaf PM na Pretoria word gedoen nie. (PM sou daan staan vir Pietermaritzburg en Pretoria afgekort, PTA.)"

(20)

VOORSITTER: Met ander woorde moes daar nog 'n finale goed-keuring kom as die mense daaronder is? -- Die reëling daar sou wees dat indien daar 'n finale "nee" sou kom op 'n baie laat stadium, dit sou baie ... (tussenbei)

Hier staan: "Vir antwoord finale goedkeuring." -- Dit is korrek. Dit het ... (tussenbei)

Nou vra ek vir u moes daar 'n finale goedkeuring wees? -- Die finale goedkeuring word die taak uitgevoer word sou bevestig word, ja. Wat in werklikheid sou gebeur het, wanneer hulle in posisies sou wees sou dit bevestig word en indien daar dan 'n nee sou kom, dit is waaroor die finale goedkeuring

(30)

hier/...

hier gegaan het.

Dit klink vir my na finale afkeuring, ja. --

"e. Bois word afgelaai in middestad en beweeg na Mhlaba se kantoor in G.D. Centre, Albertstraat, Durban. 14 Maart 1989.

f. Derde party beweeg terug na hotel noordkus, wag by telefoon.

g. Bois sit in wagkamer en wag om Mhlaba te sien.

h. Shane wag by RV.

i. Sodra Bois Mhlaba kan sien beweeg, beweeg hy na kantoor en praat met Mhlaba in verband met regulasies in verband met regulasies van swart taxis. (10)

(a) Bois het twee sakkies met hom.

(b) In die een sak 'n skeermes nog geseel in die oor-spronklike houer.

(c) Lemmetjies vir skeermes in oorspronklike houer geseel met - Gif behandel. (Sodra persoon skeer sal gif in vel intrek).

(d) Die ander sak bevat dieselfde inhoud.

(e) Sodra Bois persoon gesien het staan hy op beweeg na RV. (20)

Een sak word onder Mhlaba se tafel gelos.

(f) Bois doen teenagtervolgingsmaatreëls terwyl hy na..?

(g) RV beweeg. Geen vingerafdrukke word op sakke gelos nie.

(h) Bois Shane RV beweeg na PMB (Bel derde persoon).

(i) Alle persone beweeg na JHB (Johannesburg).

Rede vir eliminering van Mhlaba in kantoor:

1. Persoon het geen vaste roetine nie.

2. Daar is gepoog om persoon te agtervolg sonder

sukses/...

(30)

3. Daar is net een ingang by kantoor en persoon beweeg nie deur ingang met openingstye nie.
 4. Ek vermoed persoon slaap binne kompleks.
 5. Gedurende die nag word kompleks gesluit en wagte doen diens.
 6. Indien dit wel moontlik op sy roete na 'n huis gedoen kan word is die kans goed dat ons deur persone opgetel kan word wat hom ook probeer agtervolg.
 7. Persone is opgemerk met radios en verkykers wat hom probeer agtervolg. Hulle het wel padgegee voordat
(deurgetrek - persoon uitgekóm het.) Kompleks gesluit
het persoon het weer nie te voorskyn gekóm nie. (10)
 8. Vorige ondervinding het gewys dat persoon gereeld omkyk indien hy van plek tot plek beweeg.
 9. Persoon het van slaapplek gereeld verander.
 10. Die kans is skraal dat persoon op die pad vermoor kan word.
 11. Al bogenoemde feite in ag geneem sal sy kantoor beste plek wees om volgens 'n beplanning te werk.
 12. Moontlik indien daar 'n goeie skakel (moontlik indien
daar in of is - dit lyk na 'n) goeie skakeling kan wees
om ons in te lig wanneer persoon weer na die buiteland
vertrek kan dit dalk daar gereël word. Daar moet
skakeling behou word omtrent aangeleentheid. (20)
- NB. Kan volgende voertuie nagegaan word. Persone het hom besoek GLi White Cressida ND302185. Voertuig sekretaresse opgelaaï Porch MGR928T."

Nou/...

Nou 'n paar vrae rondom hierdie dokument: Eerstens, u was 'n agent wat in die buiteland gewerk het, né? -- Dit is korrek,

ja.

So u gebied was in die buiteland? -- Dit is korrek, ja.

Nie in Durban nie? -- Dit is korrek.

Wat van Shane du Plooy, was hy nie ook 'n buitelandse agent nie? -- Shane du Plooy op hierdie spesifieke tydperk het vir Streek 2 gewerk. Shane du Plooy was voor dit oorgeplaas vanaf Streek 4 na Streek 2. Ek weet nie wat sy betrokkenheid by Streek 4 was nie.

Die vraag was ten tye van die opstel van hierdie datum wat voorgee 4 Maart 1989 te gewees het, was Shane du Plooy 'n (10) buitelandse agent of nie?-- Dit is korrek, hy was 'n buite-landse agent.

So u en hy was altwee buitelandse agente? -- Dit is reg, ja.

En Durban, Natal het nie onder hierdie vleuel geval nie? -- Dit is korrek, ja.

VOORSITTER: Nou, ekskuus tog, wie was die - wat was u funksie gewees? -- Op daardie stadium was ek die koördineerder van Streek 2.

En wat was Du Plooy gewees? -- Du Plooy was 'n (20) operateur-hanteerder van Streek 2 gewees.

Nou kom die operateur na die koördineerder toe sodat die koördineerder iets moet doen vir die operateur? -- Dit is korrek, ja. Ek was verantwoordelik vir die finansies van die operateur.

Meer as dit - normaalweg het die operateur nie toegang gehad tot mnr. Verster nie.

MNR. McNALLY: Hoe het dit gebeur dat twee buitelandse agente hulle bemoei het met iets wat in die binneland gedoen sou

word/...

K61.1533

- 1695 -

BOTES

(30)
word? -- Die enigste rede wat ek daarvoor kan vind is dit was in direkte opdrag van Joe Verster. Hy is die enigste ander persoon

wat direk die opdrag kon gee. Hy kon dit deur iemand gee, maar hy was direk verantwoordelik vir die opdrag.

VOORSITTER: Maar dan moes hy tog normaalweg, sou 'n mens verwag dat hy na die koördineerder sou gaan. -- Normaalweg sou hy na die koördineerder gaan.

Hy sal nie na die man op straat gaan en dat dié na die koördineerder gaan nie. Dit is mos agterstevoor kragtens normale prosedure? -- Dit is korrek, ja, maar hy het die vermoë gehad om direk na die man op straat te gaan.

Nee, maar ek sê dit is buitengewoon hierdie? -- Dit is korrek, (10)
ja.

Maar u sê, kan ek net dit vra, u sê byvoorbeeld opera-teurs in buitelandse streke is soms gevra om binnelandse take te doen byvoorbeeld - wat is die ander voorbeelde? -- Ek praat hier spesifiek van hierdie voorbeeld.

Nee, maar u sê dit is 'n voorbeeld en u sê dit het soms gebeur, nou waar is die ander voorbeelde? -- Dit is die enigste voorbeeld.

So dit is dan nie 'n voorbeeld nie, dit is die enigste geval. -- Dit is 'n geval. Ek het dit gebruik as 'n voorbeeld.

Maar 'n voorbeeld van wat? 'n Voorbeeld beteken dit is een (20)
van meerderes, nou waar is die ander? U noem dit weer 'n keer in paragraaf 37, sê u dit is soos byvoorbeeld hierdie projek, daarom kan ek nie aan ander goed aandag gee nie. Nou vra ek wat is die ander voorbeelde waarvan u praat? Die ander gevalle waarvan hierdie 'n voorbeeld is? -- Ek het pertinent na hierdie voorbeeld verwys, nie as 'n geval nie, as 'n

voorbeeld/...

K61.1608

- 1696 -

BOTES

voorbeeld. Dit was 'n voorbeeld.

(30)

Maar as dit 'n voorbeeld is wat is die res van die beeld?

Is daar ander gevalle? -- Daar is nie ander gevalle nie na my

kennis nie.

So dan is dit nie 'n voorbeeld nie.

MNR. McNALLY: Ons het van ander agente gehoor wat die ver-skillende aspekte is van 'n proses wat uitloop het op die werklike voltooiing van 'n projek. Nou watter stadium van hierdie proses het ons bereik met hierdie dokument gedateer 4 Maart 1989. Was dit 'n beplanningstadium of was dit vir 'n inhuis bedoel of was dit 'n dokument wat ter goedkeuring van die voorsitter voorgelê sou gewees het? -- Hierdie dokument op hierdie stadium was vir 'n inhuis voorberei. Ek sou die inhuis voorberei vanaf hierdie dokument, vir die voorlegging. (10)

VOORSITTER: So dit was met die oog op 'n inhuis? -- Dit was vir 'n inhuis voorberei, ja.

MNR. McNALLY: Nou u sê u het geweier om dit te doen wat Shane voorgestel het. Nou aan wie het u daardie weiering oorgedra? -- Ek het dit aan Shane oorgedra.

VOORSITTER: Wat is die funksie van 'n inhuis? -- Die funksie van 'n inhuis is om hierdie beskikbare feite aan Joe Verster aan te bied as besturende direkteur van die organisasie om te besluit oor die metode en of daar voldoende feite beskikbaar is vir die uitvoering van hierdie operasie om dit suksesvol nie terugspoorbaar te kan doen. (20)

Dan het ek ernstige probleme om u te verstaan. As hierdie dokument opgestel is vir 'n inhuis, dan beteken dit dat dit voorgelê gaan word aan mnr. Verster?-- Dit is korrek.

U het netnou gesê dat hierdie opdrag kom van mnr. Verster na Shane du Plooy. Nou kan u dit vir my verduidelik? -- Ja, die/...

K61.1684

- 1697 -

BOTE
(30)

die opdrag vir hierdie optrede deur Shane du Plooy.

Watter optrede deur Shane du Plooy? -- Hierdie verkenning

wat hier bespreek word.

Die verkenning of die eliminasië? -- Die verkenning, die eliminasië kom vanaf Shane du Plooy. Dit is hoe hy die metode sien om die opdrag uit te voer wat hy gekry het.

Met ander woorde dit is 'n voorstel wat hy nou gaan maak aan mnr. Verster? -- Dit is korrek, ja.

Maar daardie voorstel - u het toe geweier om die voorstel verder te neem na mnr. Verster toe? -- Dit is korrek, ja.

Daar is nooit 'n inhuis gehou nie? -- Daar is nie 'n inhuis gehou nie.

(10)

Ek volg, want tot dusver is die indruk dat hierdie 'n opdrag van mnr. Verster was en dat u versoek is om te help met eliminerings? -- Nee, wat gebeur het is die opdrag was gegee deur mnr. Verster aan mnr. Du Plooy om die verkenning te doen vir die eliminerings, maar die plan moet terugkom na die verkenning afgehandel is en dit is die plan.

Dit is die plan, maar dit is nie 'n goedgekeurde plan nie? -- Nee, dit is nie 'n goedgekeurde plan nie.

So hy was nog nie by mnr. Verster vir goedkeuring nie. Daar was nog nie 'n magtiging deur die voorsitter nie? -- Nee

(20)

MNR. McNALLY: Het u ooit u weiering met mnr. Verster self bespreek. Die weiering om deel te neem aan hierdie projek? -- Nee, nie aan hierdie spesifieke projek nie, nee.

Het u die projek as sulks ooit met mnr. Verster self bespreek? -- Nee, ek het nie.

So alles het deur Shane gegaan? -- Alles het deur Shane gegaan.

VOORSITTER: En dit het doodgeloop by u? -- Dit het doodgeloop by/...

by my omdat ek geweier het om deel daaraan te hê.

MNR. McNALLY: Uit die getuienis van mnr. Verster het dit geblyk

dat wapentuig vir die BSB soms in die buiteland aangekoop is, en dat dit somtyds na Suid-Afrika gebring is in transito na projekte in die buiteland. Dra u persoonlike kennis daarvan? -- Ja, ek dra kennis daarvan.

En het u, wat mnr. Botes is, ook deelgeneem aan die aankoop van wapentuig in die buiteland en die inbring van sodanige wapentuig na Suid-Afrika toe? -- Ja, ek het.

Dra u enige kennis van wapentuig wat u ingebring het wat bestem was vir gebruik in die Republiek van Suid-Afrika? -- Nee, nie spesifiek vir gebruik in die Republiek van Suid-Afrika nie.

So u weet nie of dit hier plaaslik gebruik sou gewees het of dit moontlik weer uitgeneem gaan word vir gebruik in projekte buitekant Suid-Afrika nie? -- Nee, ek weet nie spesifiek nie.

Ek aanvaar dat aangesien dit die verskaf-fingskanaal van die wapens was dat alle wapens wat benodig was, was so bekom op daardie stadium, bo en behalwe spesifieke uitrusting wat deur die EMLC verskaf was.

En kan u onthou of u ooit spesifiek enige item van wapentuig aan mnr. Christo Brits verskaf het? -- Ja, ek het onder andere ook 'n limpetmyn aan hom verskaf.

Kan u die datum plaas waarop u die limpetmyn aan hom verskaf het? -- Ek kan nie die presiese datum onthou nie.

Sou dit voor of na hierdie Mhlaba-dokument se opstel gewees het? Dit wil sê voor of na 4 Maart 1989? -- Ek kan dit nie presies in verband bring nie. Ek sou reken dit kon min of meer in die tydperk gewees het. Dit kan 'n maand na 'n kant toe gaan.

Mnr. Brits/...

K61.1846

- 1699 -

BOTES

Mnr. Brits was beide in Suid-Afrika, asook in die buiteland bedrywig met sy BSB-aktiwiteite nie waar nie? -- Dit is moontlik.

Ek het nie insae gehad in presies wat hy gedoen het nie.

Weet u of hy daardie limpetmyn bekom het vir binnelandse of buitelandse doeleindes? -- Ek weet nie. Hy het dit versoek en ek het dit verskaf en na oorhandiging het ek niks verder daarmee te doen nie.

Dit is so ver as wat ek vrae wil stel. Ek neem aan dat my geleerde vriend, mnr. Bertelsmann, ten minste gereed sal wees om te kruisondervra, want hy het insae in hierdie dokumentasie gekry nog voordat ek dit gekry het.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Geen vrae.

VOORSITTER: Nou sê net dit vir my, hierdie verklaring wat u nou, (10)
wat my Vrydag bereik het vir wie is almal afskrifte daarvan gegee?
-- Ek weet nie op hierdie stadium nie. Daar is 'n afskrif in my besit en na my wete moontlik, ek weet nie of daar 'n afskrif in mnr. Bertelsmann se besit is nie.

Is dit enigszins verder versprei? -- Nie wat ek van weet nie.

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter as daar enige vrae ten aansien van die verklaring is kan ons dit ... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee-nee, ek het nie met u probleme nie, nee. Ek stel voor dat ons tot môre verdaag. Die volgorde is dan, dan sal mnr. Hattingh moet begin kruisondervra.

(20)
MNR. HATTINGH: Ek het 'n versoek om tot u te rig. Ek glo nie dat ek teen môre klaar voorberei sal wees nie.

MNR. BERTELSMANN: Op hierdie stadium het ek nie eintlik iets wat ek van die getuie sou wou vra nie. Een of twee vragies miskien, maar... (tussenbei)

VOORSITTER: /

K61.1949

- 1700 -

BOTES

VOORSITTER: Nee, ek verstaan. Môre is Vrydag mnr. Hattingh. MNR.

HATTINGH: Dit is reg en ek het verstaan ons sit nie Maandag nie, (30)
want mnr. McNally gaan dokumente besigtig. Ek wil u versoek om dit te laat afstaan tot Dinsdag toe.

VOORSITTER: Ja, ons sou graag insae wou kry in daardie ander dokument ook waarvan u kliënt gepraat het.

MNR. HATTINGH: Dit is nou die buitelandse lêers.

VOORSITTER: Nee, die kwessie wat mnr. Bertelsmann geopper het, die ondersoek ... (tussenbei)

MNR. HATTINGH: Die interne ondersoek na die voortsetting van projekte.

MNR. BERTELSMANN: Die kruisvrae?

MNR. HATTINGH: O-nee, ek het u verkeerd verstaan. Ek het dit self nog nie gesien nie. Ek glo dit is beskikbaar en ons sal dit vir u beskikbaar stel.

VOORSITTER: Ek dink mnr. McNally moet dit so gou as moontlik sien dat ons weet of daar iets relevant daaruit blyk.

MR LUITINGH: Mr Chairman, in regard to this document and its distribution should there be any difficulties, I gave a copy to this witness ... (intervenies)

CHAIRMAN: No, I had a word with Mr Bertelsmann about the matter.

There is no problem.

MR LUITINGH: Because I actually dealt with the distribution of it and that is why I wanted to mention it, if there was any difficulty.

CHAIRMAN: I know exactly what you want to tell me. Mr Bertelsmann told me already.

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 22 MEI 1990 OM 10H00.

Collection Number: AK2300

HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990

PUBLISHER:

Publisher:- Harms Commission of Inquiry

Location:-

©1990

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.